



IN ENIGE MOEITEVOLLE
ARBEID IS VOORDEEL,
MAAR PRAATJIES IS
NET TOT NADEEL.



Die



GEREGTIGHEID VERHOOG
'N VOLK — MAAR DIE
SONDE IS 'N SKANDE
VIR DIE NASIES.

VIERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 17 OKTOBER 1945.

No. 47.

OSSEWABRANDWAG SE HULDE AAN PRES. KRUGER

Tweeduisend In Optog

Met die K.G., dr. Hans van Rensburg, aan die hoof, het die O.B. een van sy aansoulikste optogte op 10 Oktober te Pretoria gehou. Die stoet wat meer as een myl lank was, het bestaan uit ongeveer tweeduisend lede van ons Beweging.

Voorafgegaan deur 'n speerpunt van Boeredogters met hulle eenvoudige en tog so smaakvolle sisrokkies en witkappies, het die groot gesamentlike orkes gekom, bestaande uit die Boerejeugorkes van die Rand in wit uniforms en die twee O.B.-Blaasorkeste van Brits en Pretoria.

Onmiddellik hierop het weer 'n afdeling van die Pretoriase Boerseuns gevolg, almal in groen hemde en bruin ferweelbroeke geklee. Die K.G., begelei deur hfgnl G. Cronjé en hfgnl. Henri Slegtkamp, die Held van Spienkop, is voorafgegaan deur genl. Anderson en was vergesel van 'n aantal van die hoogste offisiere van ons Beweging, o.a. waggenl. De Villiers, jeugleier prof. Dirk van Rooy, genl. Behrens van Rustenburg en hfgkomdt. prof. C. H. Rautenbach, veldprediker van gebied F. Agter genoemde offisiere, in 'n byna onafsienbare stroom, het afdeling na afdeling van die O.B. in gelede van drie gemarsjeer. Boeredogters, Boerseuns, vrouekommando's in wit O.B.-drag of kleurrike voortrekkerrokke (met aan weerskante vir beskerming die lede van die O.B.-wag met hulle swart en rooi rangbande), manskommando's in rybroek en kamaste of met witthemde en grysbroeke.

Na afloop van die verrigtings by die Krugermuniment, waar o.a. ook 'n pragtige krans namens die O.B. gelê is, het die optog weer in gelid na die stadsaal terug marsjeer. Die plaaslike generaal het kortliks al die Brandwagte bedank vir hulle opkoms en bydrae tot die luisterryke huldiging van ons onvergeetlike President, Paul Kruger, en daarna die woord gegee aan die K.G..


Dr. Van Rensburg het verwys na die kommunistiese opstootjies by geleentheid van die H.N.P.-Kongres in Johannesburg, en gesê dat hy hulle

nie sou aanraai om dit met die O.B. te probeer nie. Die feit dat ongeveer honderd-en-veertig oud-geïnterneerdes onmiddellik voor die O.B.-optog gemarsjeer het, was betekenisvol. Vir ons Beweging is dit 'n eer om in die voetstaple te volg van daardie helde wat vir die vryheid in Koffiefontein gely het.

NIE-ALLEEN NIE

Berigte in die H.N.P.-koerante skep die indruk asof die Ossewabrandwag nie met ander Afrikaners saamgewerk het in verband met die Kruger-huldiging in Pretoria nie. Dit is verkeerd. Die O.B., wat omtrent driekwart van die hele optog uitgemaak het, het die agterhoede gevorm. In die program vir die viering is sy naam nie vermeld nie. Ook is hy versoek om nie van O.B.-vlae gebruik te maak nie. Hoewel die Ossewabrandwag oor 'n kragtige blaasorkes beskik wat sy gelede voorgestaan het, het die reëlingskomitee die staande mag se blaasorkes by die standbeeld gebruik.

Nadat genl. Slegtkamp van sy herinnerings aan President Kruger vertel en beklemtoon het dat in die K.G. die Afrikaanse volk ook 'n ware volksleier het, soos President Kruger dit in Republikeinse dae was, is die verrigtings afgesluit met die sing van Die Stem.



Die afdeling Boeredogters wat verlede jaar aan die reuse-optog na die Kruger-standbeeld deelgeneem het. Hulle het vanjaar weer soos 'n sieraad deur die strate gestap.

Ou Moeder Stel Voorbeeld

Krugersdorp in £255

Die Ossewabrandwag van Krugersdorp het met O.B.-dag die mooi bedrag van £255 ingesamel, meer as twee maal soveel as verlede jaar.

'n Bejaarde volksmoeder, mev. M. C. Coetzee, 75 jaar oud, voorheen 'n inwoner van Krugersdorp, nou woonagtig te Pretoria-Noord, het 'n mooi voorbeeld gestel deur op dié dag £6-10-0 aan ons fonds te skenk. Sy het die geld met handwerkies verdien en dit aan haar dogter, komdte. Erasmus, gegee om te oorhandig.

Dié aand om 8-uur het mnr. A. J. Matthee ons op besielende wyse toegesprek en nadruk gelê op die plig van die Boerevrou. Enone van den Berg het na die toespraak „Nimmer of Nou" van A. G. Visser voorgedra. Hierna het Alida en Magdalena Hartman namens die Boerejeug die sangduo „Ons is dogters van Suid-Afrika" gelewer. — (Ingestuurt).

Republiek In Java Uitgeroep

Die Indonesiërs van Java, wat eeue lank onder Hollandse heerskappy gestaan het, het in die afgelope weke 'n vryheidsoorlog aangebind en 'n republiek uitgeroep. Hulle het gebruik gemaak van die gunstige oomblik toe Japan oorgegee het en daar nog geen Hollandse troepe aan land gesit kon word nie. In werklikheid het Holland oor geen skepe beskik om troepe daarheen te stuur nie, omdat hy al sy skepe aan die Geallieerdes geleen het vir hul gebruik tydens die oorlog.

Britse troepe het later aan wal gegaan, maar Engeland is nie gewillig om hulle in belang van Holland te laat optree nie, omdat hy hom buite nasionalistiese geskille in die Ooste wil hou. Die Amerikaners het opdrag aan hul troepe aldaar gegee om die plek te verlaat.

Na berig word sal dit nog weke duur voordat Hollandse troepe in Java kan arriveer, en intussen is die tyd aan die kant van die Indonesiërs, wat reeds beheer het oor die belangrikste openbare dienste. Honderdduisende Hollandse burgers word deur hulle gevange gehou as gyselaars.

O.B. Vooruit Op Rustenburg

Saam met die Ossewabrandwag dwarsdeur die land het die Manne- en Vrouekommando's van Rustenburg O.B.-dag gevier op 11 Aug.

Nadat Hoofkomdt. Pienaar met Skriflesing en gebed voorgestaan het, het genl. Behrens die funksie geopen.

Hoewel die ondersteuning van die dorp self iets te wense oorgelaat het, omrede dit 'n werkdag was en baie van ons lede heeldag in hul werk moes bly, het die funksie nogtans nie aan geesdrif ontbreek nie. Paslike musiek is verskaf deur die O.B.-blaasorkeste van Elandsdraai, Brits en Pretoria.

In die middag het genl. R. Anderson as spreker opgetree en 'n uiters interessante rede gevoer.

Die pragtige bedrag van £122 is ingesamel teenoor slegs £75 die vorige jaar. Saam met soveel ander kommando's dwarsdeur die land wat hierdie jaar dubbel soveel kon insamel as die vorige jaar, getuig dit gewis van vooruitgang van die Ossewabrandwag.

Na die vlagstryking is die funksie formeel gesluit deur komdte. Le Roux. — (Ingestuurt).

VOEDSEL NA ENGELAND

Voedsel ter waarde van £6,500,000 is deur die Unieregering tydens die afgelope jaar aan Engeland beskikbaar gestel, na mnr. J. G. N. Strauss, Minister van Landbou, verlede week op 'n partyvergadering in Johannesburg gesê het.

„Ondanks die droogte het die regering 5,000 heeskarkasse aan Engeland aangebied", het hy daaraan toegevoeg, en hoewel daar 'n tekort aan suiker in ons land is, sal van ons voorrade ook nog 88,000 ton aan Engeland afgestaan word.

Slegs Tweederangse Helde Vandag In Tel

Prof. Du Plessis Oor Tydgees Van Kille Berekening

„Ons herdenk vanaand die Oktober-helde — daardie heldereeks in ons volk se lewe wat gestaan het vir 'n bepaalde idee: die idee van vryheid en selfstandigheid van 'n klein volkie teenoor 'n magtige wêreldryk”, het prof. L. J. du Plessis, Woensdagaand, 10 Oktober, in die Stellenbosse stadsaal verklaar.

Voorts het hy gesê: „Ek wil vanaand die vraag behandel of daar in ons teenwoordige tyd en wêreld nog plek is vir helde soos ons Oktoberhelde was”.


Prof. Du Plessis het opgetree as hoofspreker by geleentheid van 'n gesamentlike Helderdag-feesviering op Stellenbosch.

Hy het in 'n uitstaande feesrede die waardeskatting van destyds waarvolgens die Oktobermanne tot die heldeskaar verhef is, vergelyk met die tweederangse waardeskatting van vandag, wat die geestelike opvolgers van die Oktober-helde vir dwase en misdadigers aansien.

Prof. Du Plessis het die tydgees van materialistiese berekening en slaafse onderdanigheid aan sterk magtige wêreldkragte vlammend veroordeel en 'n goddelike en ewige roeping voorgelê vir die manne wat bereid is om te lei en tevrede is om te ly vir 'n ideaal — al is dit self hopeloos.

Die helde van Oktober het vas gestaan, tot die bitter einde toe, teen alle magte in. Deur hul optrede het hulle vir hulle en vir hul volk groot eer en roem verwerf. Hul eie volk het hulle vereer, die hele wêreld het hulde aan hulle gebring — ja, selfs die vyand het eer bewys aan hierdie vryheidshelde.

Die wêreld van hulle tyd het plek gehad vir helde van hul soort. Dit het hulle nie betaal om te doen wat hulle gedoen het nie.



Prof. Du Plessis.

HET ZUIDAFRIKAANSE ONDERLINGE LEVENSVZERKERING-GENOOTSCHAP

JAARVERSLAG van die direkteure om voorgeleë te word op die HONDERDSTE Jaarvergadering van die lede, wat in die Mutual-gebou, Darlingstraat 14—18, Kaapstad, op Maandag, 29 Oktober 1945, om 2.30 nm. gehou sal word.

Die direkteure het die genoë om die honderdste jaarverslag en staat van rekening in die vorm voorgeskryf in die Verzekeringwet, 1943, aan die lede voor te lê.

NUWE BESIGHEID. Gedurende die jaar geëindig op 30 Junie l.l. is daar 30,231 aansoeke om versekering vir 'n bedrag van £21,764,578 ontvang.

Die besonderhede van nuwe lewensversekering werklik afgesluit en uitgereik gedurende die jaar was as volg:—

	Getal polisse	Versekerde bedrae	Jaarlikse premies	Enkelpremies
Versekerings	27,083	£19,282,502 6 0	£541,904 4 1	£177,930 2 3
Herversekerings .. .	—	142,865 0 0	4,842 18 11	—
Netto-versekerings behou ..	27,083	£19,139,637 6 0	£537,061 5 2	£177,930 2 3

EISE. Die eise weens dood wat gedurende die jaar ontstaan het, beloop £1,456,919. Van hierdie bedrag het £1,087,968 die oorspronklike versekerde bedrae verteenwoordig, waarby 'n bedrag van £368,951 as bonusse by die winsdelende polisse gevoeg is.

Eise kragtens die Genootskap se ongeskiktheidsvoordele is erken vir £7,187.

Begittingsversekerings vir £778,668 het betaalbaar geword. Van hierdie bedrag het £225,813 die oorspronklike versekerde bedrae verteenwoordig, waarby 'n bedrag van £252,805 as bonusse gevoeg is. Begittings vir £43,311 het betaalbaar geword.

Die totale bedrag aan eise uitbetaal sedert die stigting van die Genootskap is £38,026,831.

FONDSE. Die totale fondse aan die end van die jaar was £47,382,676.

RENTE. Die gemiddelde bruto-rente koers gedurende die jaar op die versekeringsfonds verdien was £3 19s. 7d. persent en die gemiddelde netto-rente koers was £3 18s. 11d. persent.

PREMIË. Die totale premie-inkomste het £4,409,885 beloop.

ONKOSTE. Die bedryfsenkoste vir die jaar was 15.4 persent van die premie-inkomste.

LYFRENTES. Gedurende die jaar is nege-en-sewentig onmiddellik-ingeande lyfrentes ten bedrae van £9,349 8s. per jaar teen 'n storting van £105,381 6s. 10d. toegestaan, en ses uitgestelde lyfrentes ten bedrae van £389 16s. per jaar is teen enkelpremie van £1,379 7s. 5d. en 'n jaarlikse premie van £248 5s. 0d. toegestaan. Gedurende dieselfde tydperk is vyftien ontvangters van lyfrentes wat jaargelde ten bedrae van £2,034 12s. per jaar ontvang het, oorlede, terwyl een vaste jaargeld vir £30 per jaar verstryk het.

SEKURITEITE. Die verbande, onderpande, aktes en obligasies wat die bate op 30 Junie 1945 verteenwoordig, is aan die ouditeure voorgeleë, en hulle het geattesteer dat die stukke in orde en in behoorlike bewaring is.

DIE DIREKTEURE. Die direkteure vermeld met leedwese die afsterwe van die agb. H. L. Curry op 22 Januarie 1945 en wil hul hoë waardering van sy lang en waardevolle diens as direkteur van die Genootskap betuig. Adv. W. H. Mars, K.C. is deur die direkteure gekies om die vakature aan te vul.

Die direkteure wat hierdie jaar beurtelings aftree, is mnr. W. Bruckner de Villiers, G. E. D'A. Orpen en R. H. Parker. Die aftredende direkteure en drie ander lede, mnr. G. A. Barnes, R. W. Bowen en dr. A. M. Moll, is behoorlik benoem en die uitslag van die verkiesing sal so vroeg moontlik na die sluiting van die stemming om 12-uur middag, 8 Oktober 1945, bekendgemaak word.

OUDEURE. Mnr. J. C. F. Hartford en K. C. Myburgh Hands is behoorlik as ouditeure benoem en aangesien daar geen ander kandidaat was nie, is hulle vir die volgende jaar gekies.

J. G. VAN DER HORST.
Voorsitter.

Gemeet met die maatstaf van nugtere berekening was hulle selfs onoordeelkundig — hulle het nie hoop gehad om te slaag in hul stryd nie. En tog het die wêreld waardering gehad vir hulle.

VANDAG DWASE

Wat is die oordeel van vandag oor mense wat hulle verset en optree teen die groot en heersende magte van ons tyd? Mense wat vandag hul nietige kragte meet teen wêreldoppermagtige strominge en magte, soos teen die tendens tot internasionalisering van die hele volkslewe, en teen die Jodedom, word alte vaak beskou as dwase, wat „onbetalende” stappe doen.

Manne soos Hitler en Mussolini, wat hulle gestel het teen die heersende wêreldmagte, word vandag „gangsters” genoem. Hulle uiteinde was om as misdadigers gebrandmerk te word en as sodanig is hulle vir die wolwe gegooi.

Die mense wat vandag helde genoem word, is die manne wat hulle by die groot oorwinnende magte skaar — nie die manne wat alles offer vir 'n idee, en wat selfs bereid is om onder te gaan in 'n hopelose stryd vir die behoud van hul ideale nie. So word Mannerheim van Finland, Leopold van België en Pétain van Frankryk nie as helde beskou nie, want hulle het verkies om getrou by die eie volk te staan teen die groot oorwinnende magte van die internasionalisme.

AFGESTOMP

In ons eie land het die volgehoute waardering vir ons helde afgestomp. Die proses het reeds begin by Jopie Fourie. Sommige mense voel dat sy optrede reeds al nie meer heeltemal

inpas by die gees van kille berekening wat ons tyd kenmerk nie. Die manne wat na Jopie Fourie gekom het, en wat in ons eie tyd alles veil gehad het en nog het in die stryd van die eie klein volk teen oorheersende wêreldmagte — hierdie manne word nie meer helde genoem nie. Intendeel, hulle word name genoem wat wissel van dwaas tot misdadiger.

In ons tyd dra die manne van koele berekening die louere weg. Die manne wat eers seker maak van sukses, die manne wat nie optree as dit hulle nie sal betaal om op te tree nie, hierdie manne is die helde van ons tyd. Dit is die gees van die tyd waarin ons leef.

HELE VOLK

Die Oktoberhelde wat ons vanaand herdenk, was manne wat aan die hele volk behoort het. Hulle het volksbelang gehandhaaf bo seksionele belange. Hulle het die volkseenheid gedra en beliggaam. Hulle optrede was vir en namens die hele volk.

In ons tyd tree leiers nie meer op namens hul volk nie — maar wel namens hul groep. En die groepe staan in die volkslewe lynreg teenoor mekaar. Die groot manne van ons tyd is nie meer die manne wat die volk saambou nie, maar wel die manne wat op die uiterste spits van hul seksie staan, deur die beste daarin te slaag om hul seksie teenoor die ander seksies op te hits.

Hierdie gees tree in ons tyd op die voorgrond.

Die tyd van die leier wat die hele volk as natuurlike en Godgegewe eenheid bymekaar hou, gaan oënskynlik verby en die dag van die „klik”-man daag, wat bedrewe is in die kuns om self vir hom 'n seksionele masjien aanmekaar te timmer.

LEIERSFIGURE

Die Oktober-helde was grootse persoonlikhede, leiersfigure in die mooiste sin van die woord — manne wat koers gevat het en aan die groot menigtes van hul volk gesê het, volg my.

Die gees van ons tyd is oënskynlik nie meer gunstig vir persoonlikheid en leierskap nie. Die tyd van die massamens het gedaag, en die grootste leier is hy wat die flinkste nasê wat die massa gesê wil hê. In ons tyd skyn dit asof die man met 'n toekoms hy is wat agter die massa aanloop.

In die lig van hierdie agtergrond mag gevra word of net die heden-dagse alternatiewe geldend bly. Die antwoord moet beslis nee wees.

NOG HOOPVOL

Ek glo vir geen oomblik dat die dag van die opofferende held, wat aan sy volk die lewe gee, verby is nie. Ek glo nie dat die man van die kille berekening 'n held is nie. Wat die skyn ook al mag wees, geen volk, wat durf om te waag, kan vernietig word nie. En 'n volk durf alleen om te waag onder 'n leier wat „dwaas” (Vervolg in kol. 3, bl. 4)

Die Oormag Teen Duitsland

In sy verslag het die stafhoof van die Amerikaanse leër, genl. Marshall, bekend gemaak dat daar 62,000,000 man onder wapen was teen Duitsland en sy twee bondgenote. Laasgenoemdes het slegs 30,000,000 onder wapen gehad. Duitsland self het oor 17,000,000 beskik, Rusland 22 milj., Amerika 14 milj., die Britse Ryk 12 milj. en Sjina 6 milj.

Die generaal voeg by: „Hoewel twee-derdes van die Duitse leër deur die Russe besig gehou is, was elke man wat die volk kon mobiliseer, no-

dig om ons deel van die taak in Europa te verrig en terselfdertyd die Japanners in die Stille Oseaan onder beheer te hou. Wat die uitslag sou gewees het as die Rooi Leër verslaan was, en die Britse Eilande binnegeval, kan ons alleen raai. Die moontlikheid is bra skrikwekkend”.

Genl. Marshall het ook verklaar dat Duitsland in 1942 so naby daar aan gekom het om die wêreld te oorheers, dat ons nog nie heeltemal be-sef aan hoe 'n dun draadje die Geallieerdes se lewe gehang het nie.

VERSKUIWING NA STEDE SKEP VRAAGSTUK

Kerk Besig Met Onderzoek

Die ondersoek van die N.G. Kerk insake die bevolkingsverskuiwing in ons land, van platteland na stad, het verlede week in Kaapstad plaasgevind, die agste en voorlaaste sentrum waar ondersoek ingestel sal word. Die geografiese verspreiding van die Afrikanervolk verander sy Kerk geleidelik van 'n landelike na 'n stedelike Kerk. Dit is ten aansien van hierdie omvorming en die Kerk se aanpassing daarby dat tans ondersoek ingestel word.

Omvattende samesprekings, wat die terrein wat ondersoek word in meeste van sy aspekte dek, is voor die hoofstudiekomitee van die Federale Armesorgraad gehou. Die lede van die komitee is ds. J. R. Albertyn ('Transvaal'); ds. H. S. Theron (Vrystaat); en ds. P. du Toit (Kaapland).

Onderwerpe wat behandel is, sluit die volgende in: Die stadshuisgesin (mnr. W. Marais); Probleme van Afrikaanse Intrekkers in die stede (prof. dr. J. F. Burger van U.K.); Die Kerk en die Kommunisme (prof. dr. A. H. Murray van U.K.); Behuising in die Stad (mev. Zerilda Steyn); Kerklike Organisasie in die Stad (ds. J. N. C. Mentz); Die Afrikaner in die Stad (ds. H. C. J. Snyders); Die Roeeping van die Kerk (prof. dr. B.

B. Keet en dr. A. J. van der Merwe); Stadsevangelisasie (ds. Jac. Conradie); en Kerklik Maatskaplike Werk in die Stad (mnr. A. A. Stulting).

Daar is ook 'n debat georganiseer vir jongmense oor die onderwerpe: Wat ons van die Kerk verwag; en Wat die Kerk Aanbied. Die inleiers was mnr. J. F. W. Haak en ds. T. C. B. Stofberg.

GROOT VERSKUIWING

Om aan ons lesers 'n beeld te gee van die omvangryke bevolkingsverskuiwing in ons land gedurende die afgelope veertig jaar plaas ons hieronder 'n tabel, wat ons oorneem uit die vierde verslag van die Sosiale en Ekonomiese Planneraad, en wat die plattelandse en stedelike bevolkingsyfers oor die tydperk aandui:

BLANKE BEVOLKING VAN DIE UNIE

Plattelandse Gebiede	Persentasie van die Totaal		Stedelike Gebiede	Persentasie van die Totaal		Totaal
	000e		000e		000e	
1904	526	47	591	53	1,117	
1911	618	48	658	52	1,276	
1921	672	44	848	56	1,520	
1931	708	39	1,120	61	1,828	
1941	675	31	1,517	69	2,192	

Bostaande tabel dui aan dat 'n sewentig-persent van die blanke bevolking in die stede van ons land woon. Dit dui aan dat die trek van die platteland na die stad steeds voortgaan. In 1941 het daar maar 31% van die land se blankes in die platteland gewoon — vandag is dit seker al weer minder as 30%.

Met hierdie verskuiwing van bevolking moet rekening gehou word.

Die Kerk is besig om vir homself helderheid van denke en optrede oor hierdie saak te verkry.

POLITIEKE GEBIED

Ook op politieke gebied is hierdie bevolkingsverskuiwing van die allergrootste belang. Dit het die leier van die O.B., dr. J. F. J. van Rensburg, 'n paar jaar gelede baie pertinent onder die aandag van die volk gebring, toe hy in 'n groot toespraak op Stellenbosch die hele aangeleentheid sowel as die reperkussies voortvloeiende daaruit, ontleed het.

Die verstedeliking van die Afrikaner beteken in terme van praktiese politiek dat die Afrikaner se nasionalistiese stryd teen die imperialisme versterk en aangevul moet word deur 'n saaklike sosialistiese stryd teen die kapitalisme.

FRANSCHHOEK SE JEUG KAMP UIT

Veertig lede van die Boerejeug van Franschhoek het die afgelope skoolvakansie 'n uiters aangename tyd deurgebring by Bloubergstrand, waar laergetrek is onder leiding van genl. Max Smuts, bygestaan deur veldkt. T. Siebritz en veldkte. E. Roux. Daar is gesorg vir 'n mooi program elke dag, en alle uitgawes is gedek deur die kommando, wie se lede baie mooi bygedra het om die klompie kinders 'n eerste klas vakansie te gee.


Gevoelige Dog Wispelturige Gewete

Die Cape Times voel diep geskok oor dr. Cronjé se voorstel in sy boek „'n Tuiste vir die Nageslag“ dat die Indiërs na hul vaderland gerepatrieer kan word. Hy verwyt die skrywer dat hy nie daaraan gedink het dat hierdie Indiërs net sulke goeie Suid-Afrikaners is as hy nie, en dat daar nie van repatriasie gepraat moet word nie, maar van deportasie.

In Oos-Duitsland word vandag 10,000,000 en meer Duitsers verdryf uit 'n gebied wat, volgens erkenning van die Britse pers self, sedert eeue daar woon. Die Britse owerheid het geen beginsel-beswaar teen hierdie soort „repatriasie“ nie. Intendeel, hy het dit goed gekeur op die byeenkoms van die Drie Grotes. Al beswaar wat geesgenote van die Cape Times hierteen inbring, is dat daar te haastig mee gewerk word.

Die Cape Times se eie partybewind in Suid-Afrika het aangekondig dat hy Duitsers wat in die Unie gebore is, na Duitsland wil „repatrieer“, en sver ons weet is hierdie dreigement nog nie teruggetrek nie.

Nog in die geval van Oos-Duitsers nóg in die geval van Unie-Duitsers wat uit hul geboorteland verdryf word, het die Cape Times sy stem daarteen verhef. Daaruit is vir hom natuurlik geen politieke munt te slaan nie.



WAARDE VIR GELD

Harrismith Samel £325 In

Harrismith het 'n geslaagde O.B.-dagfunksie gehou op 4 Augustus. In die oggend was daar 'n basaar, in die middag braaivleis en jukskei en die aand 'n openbare vergadering onder leiding van komdt. Wessels. As sprekers het opgetree genl. Thos. Pienaar van Natal en genl. C. Meyer. Sangstukke is gelewer deur asst.-veldkte. R. Wessels en asst.-veldkte. G. van Niekerk. Veldkt. A. Badenhorst het afgesluit met gebed.

Die opbrengs was £325, waarvan die Boerejeugseuns en -dogters onderskeidelik £15 en £25 bygebring het.

Alheit se Jeug Bedrywig

Onder leiding van veldkte. Van Niekerk, het die Boerejeug van Alheit, wat slegs 'n klein groepie uitmaak van JA15, op 21 September 'n baie geslaagde konsert gehou. Hulle het onder andere 'n gedeelte uit die lewe van Jopie Fourie opgevoer. Daar is ook 'n verkoping gehou, so dat die toeskouers die geleentheid gehad het om tussen die bedrywe iets lekkers te nuttig.

Nieteenstaande die feit dat dit maar 'n gedeelte van die Boerejeug was, het hulle darem die mooi bedrag van £10.19.6 ingevorder. — (Ingestuurt).

(Vervolg van kol. 4, bl. 2)

genoeg is om sy optrede nie in terme van sukses te bereken nie.

Agter die gees van ons tyd werk twee geestelike magte. Die een is die mag van die materialisme, wat 'n internasionale massa-persoon wil owerwerp. Die ander is die mag van Christus wat deur middel van die goddelike skeppingsplan die wêreld sal herskep tot wat hy behoort te wees. Die skeppingsplan hou die eenheid van die mensheid in, maar terselfdertyd maak dit voorsiening vir die veelheid van volke. Ook het die enkeling sy taak in die skeppingsplan. God roep dikwels enkelinge om leiers te wees — die lig te wees, sodat ander kan sien.

Daar is in ons wêreld en in ons tyd nog plek, geleentheid en roeping vir helde soos die Oktoberhelde wat ons eer. Ons wêreld het geen plek vir die alternatiewe helde, die tweederangse manne wat die betalendheid van hul optrede nugter bereken nie, het prof. Du Plessis ten slotte gesê.

Ds. A. F. Louw het voorgesit. Mnr. Paul Roos, die vermaarde oud-Springbok en bekende figuur op Stellenbosch en in rugbykringe, het ook die vergadering toegesprek. Prof. C. G. W. Schumann het die sprekers bedank en melding gemaak van prof. Du Plessis se groot prestasies, veral op handelsgebied, in ons land.

W. V O I G I (Eien.) Bpk.
Fabrikante van

Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.

Rue 10 . . . HUGENOOT, K.P.

Paarl
Monumente-Werke
(Eien.) Bpk.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS
NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:
L. A. B. Bohlmann — M. Bohlmann
Gevestigd 1898

WYNE EN BRANDEWYN
AANDAG!!

SPESIALE VERMINDERING VAN
PRYSE IN BELANG VAN ONS
TAIRYKE KLANTEN (slegs geldig
vanaf 1 Oktober tot 31 Desember
eerskomende).

GENIET WYNE, BRANDEWYNE EN
LIKEURS WAT SELF HUL ROEM-
RYKE POPULARITEIT VERWERF
HET . . . ONGEWENAARD IN
ELKE OPSIG.

PRYSLYS:

	Per bottel in kassies van 12 bot.	Per gelling- in 5-gelling- vaatjies
WYNSOORTE:		
Spesiaal Soet	2/3	10/6
Wit Jeripiko	1/6	8/-
Rooi Jeripiko	1/6	8/-
Malmsey	1/6	8/-
Wit Muskadel	1/5	7/6
Rooi Muskadel	1/5	7/6
Soet Port	1/5	7/6
Port	1/4	7/-
Pontak	1/4	7/-
Worcester Hock	1/4	7/-
Spesiaal Sjerrie	1/4	7/-
Goue Sjerrie	1/4	7/-
Ou Bruin Sjerrie	2/3	10/6
Hanekraai	4/-	—
Vermouth (Franse en Italiaanse Tipes)	2/9	—
FONKELWYN:		
„La Vie“	7/6	—
Monis Grand Spumante	10/-	—
BRANDEWYN:		
Eureka	8/-	—
A. 1	7/6	—
Boegoe	7/6	—
LIKEURS:		
Kersie	6/3	—
Anys	6/3	—
Gemmer	6/3	—
Van der Hum	6/3	—
Crème de Menthe (Peperment)	7/-	—
JENEWER:		
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen	7/6	—
Suurlemoen	7/6	—

ENIGSTE VOORWAARDES!

- (i) Deposito's, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kassie met bottels moet alle bestellings vergesel.
- (ii) Bestellings word slegs uitgevoer KON-
TANT MET BESTELLING of KONTANT
BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste,
VRY OP SPOOR VLAKTEPLAATS.
- (iii) Bestellings per kassie mag bestaan uit
verskillende soorte drank, mits dit 'n
kassie van 12 bottels is.

LAAT U KERSFEES-KEUSE VAL
OP DIE GEURIGE EXCELSIOR-
DRANKE UITSTERKEND VIR
ELKE GELEENTHEID.

Tevredenheid onvoorwaardelik gewaar-
borg of geld terug.

Bestel nou van:

EXCELSIOR WYNMAKERY
Posbus 1. Poon 902. Telegr.: EXCELSIOR
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

DIE O.B., WOENSDAG, 17 OKT. 1945.

Hul Brood Ontneem

Volgens berig in die pers het 'n spoorweg-vakbond in Windhoek die spoorwegowerheid in kennis gestel dat hulle gaan staak indien 'n geïnterneerde, wat glo op die punt staan om vrygelaat te word, weer in sy werk op Windhoek herstel word. Dit is die tweede geval binne enkele weke waar daar teen oud-geïnterneerdes opgetree word in 'n poging om hulle vir die res van hul lewe 'n plek in die samelewing te ontsê. In Oos-Londen het werkers die regering gedwing om 'n spoorwegman wat geïnterneer was, 'n tydperk van verlof toe te staan omdat daar ook met 'n staking gedreig is. Wat uiteindelik met hierdie man gaan gebeur, is nog nie duidelik nie.

Hierdie geïnterneerdes was in diens van die regering self. Dit is die regering wat hulle weer in sy diens herstel en dat hy dit doen, moet beskou word as 'n uitspraak van volle vertroue in daardie manne. Dit moet 'n aanduiding wees dat die regering besef dat hulle hulle nie aan baie ernstige oortredings skuldig gemaak het nie, of dat die omstandighede waarin hierdie manne hulself gevaarlik kon maak, vir goed verby is.

BESKERM HULLE

Van regeringsweë is in die verlede reeds erken dat ses persone tydens die oorlog onskuldig aangehou was weens die een of ander fout. Die regering het 'n leër van 40.000 spioene uit sy volgelinge saamgestel en op die ongetoetste woord van hierdie massa is hot en haar gevang en gestraf sonder verhoor en sonder aanklag. Die regering het hom hierin skuldig gemaak aan 'n ernstige regsverkrachting. Die minste wat hy kan doen om hierdie mense en hul afhanklikes weer enigszins te vergoed vir die leed en skade wat hy hulle aangedoen het, is om toe te sien dat hulle weer 'n ordentlike bestaan sal kan voer en nie vir altyd as misdadigers gebrandmerk sal word nie.

Waar, onder die aanhitsing van 'n wraaklustige pers, die oorlogshaat uit Europa ook na ons land oorgeplant is en daar voortdurend stemme opgaan wat eis dat sogenaamde oorlogsmisdadigers aan die man gebring moet word, is dit 'n plig van die regering om diegene wat hy sonder openbare ondersoek as oorlogsmisdadigers gebrandmerk het, in beskerming te neem teen die wraaklus van opgeswepte groepe. Die verantwoordelikheid rus op die regering om hierdie manne in hul werk te herstel en alle agitatie teen hulle in die kiem te smoor. Waar hy nie die sedelike moed gehad het om sy slagoffers voor 'n openbare hof aan te kla nie, hoop ons dat hy die moed sal hê om hulle tans teen onbeteuelde vervolging in beskerming te neem. Of staan die regering van ons land net so magteloos voor die haatgloed van sy opgeswepte massas as die „demokratiese regerings“ van Frankryk en ander Europese lande voor die kommunistiese wraakneming in hul lande?

BEGIN VAN SMARTE

Dit sal interessant — hoewel ongerieflik — wees om te sien hoelank die regeringsgevolg tevrede sal wees om moeder Engeland van ondergang te red. Solank hierdie lojales kos uit die monde van Suid-Afrikaanse armes kan neem om dit aan Engeland te gee, wat volgens 'n Engelse weekblad „die bes gevoede volk“ in Europa is, solank kan 'n mens verwag sal hul ywer vurig brand. Baie van diegene wat begaand is oor Engeland se kosposisie is juis hulle wie se spensrakke nog nooit aan iets ontbrek het nie.

Solank as wat hierdie mense op koste van belastingbetalers Brits kan koop en dus self nie gebuk hoef te gaan onder die las van hoër pryse of selfs tweemaal-koop — want by uitsondering geld die spreekwoord „goedkoop koop is tweemaal koop“ nie in die Britse voorkeurhandel nie — solank kan ons nie verwag dat hul ywer sal afkoel nie.

Maar dit gaan nie altyd by hierdie dinge bly nie. Engeland staan voor die keuse om toe te gee aan Amerikaanse druk vir die oopgooi van sy Ryk, of om sy Ryk tot 'n waterdigte kombinasie saam te skakel wat teen sware opoffering homself moet probeer aan die lewe hou — of juister gesê, moeder Engeland aan die lewe te hou. Die eerste voorsmakie van hierdie opoffering is die inligting wat die Rhodesiese petrolkontroleur verstrek het. Hy deel mee dat die Britse regering sy dominiums versoek het om nie hul petrol-rantsoenering te verslap nie met die oog op 'n moontlike handels-oorlog teen Amerika, m.a.w. om Amerikaanse petrol te boikot ten koste van hul eie burgers. Dit heet glo om dollars te bespaar.

Ons herhaal: dit sal interessant wees om te sien hoe lank die regeringsgevolg, wat nou al steen en been kla omdat die petrolbeperkings nie opgehef word nie, sal voortgaan met hul Britse lojaliteit as die sware offers eers gebring moet word.

DIE JODE DAAG DIE BRITTE

Posisie Netelig in Palestina

Daar word uit Jerusalem berig dat ernstige botsings tussen Jode en Britse soldate in Tel-Aviv en Haifa ontstaan het.

Dit wil voorkom asof sake nou tot 'n breekpunt ontwikkel in Palestina.

Aan die een kant staan die Jode en hul eis dat Palestina oopgegooi word vir Joodse immigrante uit Europa, en aan die ander kant staan die Britse regering, wat ooreenkomstig hul beloftes aan die Arabiere die immigrantestroom so dan nie heeltemal wil afsluit nie, dan minstens wil beperk. Die Jode is oënskynlik bereid om hul standpunt tot die uiterste van hul vermoë en met die uiterste middels te verdedig. En die Britse regering gebruik polisie en soldate om sy gesag te handhaaf.

BOTSING UITGELOK

Voordat die berig oor botsings ontvang is, het die Jewish Herald aangekondig dat skeepsvragte Joodse immigrante uit Europa op „onwetige“ wyse in Tel-Aviv en Haifa aan wal stap onder die neuse van die gewapende Britte.

Daar 'n botsing onder dié omstandighede sou ontstaan, was derhalwe byna onvermydelik.

Die Palestynse Jode geniet die ondersteuning van Jode in alle dele van die wêreld.

Woordvoerders van die Amerikaanse Sionistiese Organisasie het op 'n perskonferensie deur hulle byeen-geroep, verklaar dat Groot-Brittanje in die posisie van openlike vyand van die Joodse volk beland het as gevolg van sy huidige beleid t.o.v. Palestina. Die organisasie bepleit 'n beleid van nie-samewerking met die Britse regering en die Britse administrasie in alle vertakkinge van die openbare sowel as die private lewe in Palestina. Boonop verlang die organisasie dat 'n veldtog vir burgerlike ongehoorsaamheid geloods moet word. Die veldtog moet die Jode aanhits tot weiering om belastinge te betaal en die landwette te gehoorsaam.

DRING AAN OP GEWELD

Die woordvoerders het ook daarop aangedring dat direkte weerstand gebied moet word wanneer verlof geweier word aan Jode-immigrante om in Palestina aan wal te stap.

Dit is dan ook presies wat nou gebeur het in Tel-Aviv en Haifa.

Mnr. Attlee, die Britse Premier, het die Jode reeds tegemoet gekom in soverre hy toelaat dat, ten spyte van die bepalings van die Witpapier van 1939, daar nogtans 'n aanvullende kwota van 1500 Jode maandeliks in Palestina toegelaat word, tot tyd en wyl die hele vraagstuk opgelos is.

Hiermee is die Jode glad nie tevrede nie.

TRUMAN SWYG

Mnr. Truman, President van die V.S.A., het aan die Britse regering gevra om 100.000 Jode uit Europa in Palestina te ontvang. Op hierdie ver-

soek het Attlee geantwoord dat hy gewillig is om daaraan te voldoen „op voorwaarde dat die V.S.A. bereid is om met Brittanje die verantwoordelikheid en gevolge van so'n stap te deel“.

Hierop het pres. Truman nog nie geantwoord nie. Die posisie duur dus onveranderd voort. Die Arabiere dreig met 'n Heilige Oorlog as hul land aan die Jode gegee word. En die Jode het reeds 'n wapenbotsing met die Britte uitgelok omdat dit nie ge- doen word nie.

Sowjet-Rusland het nog geen kommentaar oor die saak gelewer nie.

V.S.A. Wil Geheim Bewaar van Atoombom

Pres. Truman het verlede week aan persmanne gesê dat Amerika nie die geheim van die atoombom met ander lande gaan deel nie. Hy het verklaar dat Brittanje en Kanada die nywerheidskennis daarvoor besit, maar hulle beskik nie oor die nodige masjinerie, bronne en geld om die bom te fabriseer nie. Die eintlike geheim is die ingenieurskennis, daar die wetenskaplike feite vir byna alle volke beskikbaar is.

Pres. Truman het geopenbaar dat Amerika £500.000.000 bestee het om die bom doeltreffend te maak, teenoor £25.000.000 van Brittanje.

Dankbetuiging

Hiermee wil ek graag die Hoofdkomde van die Vryburg-generaalskap, die dames van C. R. de Wet, en Vryburg-kommando's hartlik bedank vir die sang en bemoedigende woorde aan ons gerig tydens ons aanhouding in die polisie-selle te Vryburg. Nogmaals baie dankie. Lank lewe die O.B. Dan 'n spesiale woordjie van dank aan oom Pieter en tante Lena, vir al die liefde en vriendskap aan my betoon tydens my verblyf daar.

Met opregte O.B.-groete,
H. J. BAKER
(ook bekend as Piet du Toit).

Maandelikse Funksie

Die maandelikse Noodhulpfunksie van die O.B.-lede van Koninggratz, Pietersburg, is hierdie keer by asst.-veldkt. H. C. Swart van Uitsoek gehou. Die swaar droogte het baie lede verhoor om te kom, en die bedrag van £3.7.6 is ingesamel. — (Korr.)

VERGADERINGS

word op die volgende plekke deur

Hf.genl. Jurgens Schoeman en Hf.komdte. Brink
toegesprek:

BEAUFORT WES 22 OKTOBER, om 7.30 n.m.
RIETBRON en SANDBULT 23 OKTOBER, om 10.30 v.m.
PRINS ALBERT 23 OKTOBER, om 7.30 n.m.
MERWEVILLE 24 OKTOBER, om 3 n.m.
WES.GAMKA 24 OKTOBER, om 7.30 n.m.

KLUG EINDIG IN DOODVONNIS

Verhoor Van Laval

Kommunistiese wraakneming is in die afgelope paar weke aan die wêreld nogmaals voorgehou as regspleging toe Pierre Laval, voormalige eerste minister van Frankryk, deur 'n Franse hof verhoor en ter dood veroordeel is.

Kommunistiese wraakneming het egter 'n harde knou in hierdie ver-toning gekry deur dat Laval tydens die kortstondige en stormagtige „verhoor” ten duidelikste daarin geslaag het om die masker van die gesigte van sy „regters” af te ruk en hul kwaadwilligheid voor die hele wêreld te openbaar.

Die bevooroordeeldheid van die jurie was so in die ooglopend dat die Geallieerde beriggewing reeds binne die eerste paar minute van die verhoor vergeet het dat hulle met 'n hof te doen het. Een berig het naamlik gelui dat Laval se gesig dadelik vrees geopenbaar het toe hy die jurie deurgelyk en bemerk het dat minstens tien van hulle lede van die weerstandsbeweging was — d.w.s. hoofsaaklik kommuniste, want daar is ná die ontsetting van Frankryk openlik erken dat die weerstandsmagte vir die grootste deel onder kommunistiese beheer was.

Dit het dan ook spoedig geblyk dat hierdie juriesede die sitting van die hof nog te lang gevind het om hul wraaklust te verberg. Op die tweede dag kon hulle hulself nie meer betoel nie. Hulle het die beskuldigde van die juriesede af uitgekryt vir „vuilgoed” en die volgende dreigtaal teen hom geslinger: „Oor twee weke sal jy nie meer so hard praat soos nou nie” en „Oor 'n paar weke sal twaalf koeëls deur jou fluit”!

AFWESIG

Laval het dan ook na 'n skitterende poging tot selfverdediging, waarin hy regter en aanklaer om sy vinger gedraai het, geweier om verder voor die hof te verskyn as gevolg van die openlike blyke van kwaadwilligheid. In sy afwesigheid is hy ter dood veroordeel, en hy het geweier om in hoër beroep te gaan.

Die korrespondent van die Daily Herald het die voleinding van die klug in die volgende bewoording saamgevat:

„Dit het die jurie slegs 50 minute

POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



HANSIE JORDAAN
van Johannesburg.

Twaalf maande in Koffiefontein sonder verhoor opgesluit. Tans op parool uitgelaat.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie”.

geneem om Laval skuldig te bevind. Dit het regter Mongibeaux agt minute geneem om teen hoogste snelheid 'n uitspraak deur te rammel wat te-gelyk die bevinding, die rede daarvoor en die vonnis was. Vir baie wat teenwoordig was, het dit voorgekom asof die hof nog 'n skandalige bladsy gevoeg het by hierdie klug van 'n verhoor van 'n man wat die hele Frankryk as skuldig beskou.

VOORAF BESLUIT

„Die uitspraak was 'n geskrewe dokument. Dit lyk ongelooflik dat dit binne vyftig minute beredeneer, aanvaar en opgestel kon gewees het. Dit lyk baie of dit vooraf klaar opgestel was — nog voor die aanklaer se toespraak en Laval se pleidooi.”

Ander beriggewers verklaar dan ook prontuit dat Laval 'n magtige oorwinning oor sy regters behaal het. Hy het daarin geslaag om simpatie te wen wat hy saam met hom na die graf sal dra.

„Dit is nie dat enigiemand aan sy skuld twyfel nie,” het een berig gelui, „maar slegs dat in die regsproses waarvolgens hy ter dood veroordeel is, die elemente van waardigheid en onpartydigheid ontbreek het.”

Hierdie dinge gebeur nie in die onbeskaafde vlaktes van Rusland nie. Dit vind plaas in 'n land wat vir baie jare die toon aangegee het minstens op die gebied van uiterlike welvoeglikheid en vandag nog deurgaans vir een van die „Vyf Grotes”.

Hierdie gebeurtenis werp 'n donker skaduwee oor die beskawing van die Weste.

(Vervolg van kol. 4)

Die entoesiasme vir hierdie onderneming wat bekend staan as Agriura Laboratoria Beperk, was vir ons 'n ware openbaring. Met die medewerking van groot getalle vriende uit alle dele van die land, Asokor Beperk en ander boere-organisasies, was daarin geslaag om reeds by die registrasie 'n bedrag van om en by £30.000 beskikbaar te maak. Die hoofdoel van Agriura Laboratoria Beperk sal wees om beproefde veemiddels teen die allerlaagste pryse beskikbaar te stel. Ook in hierdie geval is dit nie die strewe om groot diwidende af te werp nie, maar om 'n nuttige en noodsaaklike doel te dien.

Volgens 'n konserwatiewe berekening sal die wolboer, deur die suksesvolle bestryding van parasiete soos nou in die voornutslig gestel, sy wolkmet minstens 'n half miljoen pond kan vergroot.

Met volharding is daarin geslaag om al die bestanddele van ons beroemde middel Parazol in die buiteland aan te koop. Die middel is reeds beskikbaar en word volgens voorskrifte van dr. Mönnig verskaaf.

Ook die Nywerheids-ontwikkelings-Korporasie verdien ons hartlike dank vir die stappe gedoen in die oprigting van 'n wolfabriek. Alle verwickelinge in dié verband word met die grootste belangstelling gevolg en as ons in die land gebruik kan maak van die nuutste prosesse waarvoor die wetenskap beskik, sal hier ongetwyfeld 'n geweldige mark vir wol-fabrikate ontsluit word.

Vriende in die Unie en ook in die verre Suidwes-Afrika, word van harte bedank vir hul getroue medewerking. My mede-direkteur wil ek bedank vir die aangename produktiewe samewerking, maar in besonder wil ons die Hoofbestuurder en sy personeel gelukwens met die lofwaaardige wyse waarop hulle die belang van die W.G.A.-vriende behartig het. Deur hul cerbare en toegewyde optrede word 'n besigheidstradisie van onberekende waarde in die land bestendig.

Voor ons oorgaan tot verdere verrigtinge, wil ek graag almal hier hartlik welkom heet en die hoop uitspreek dat ons samewerking steeds aangenaam en opbouend sal wees.

(Adv.)

MAATSKAPPYVERGADERING

W.G.A. Behaal Meer Suksesse

Brei Dienste Aan Wolboere Doeltreffend Uit

By geleentheid van die jaarvergadering van die W.G.A., wat op 17 September te Port Elizabeth gehou is, het Mnr. N. C. Havenga, voorsitter van die Direksie, die lede van die Maatskappy as volg toegesprek:

GEAGTE KOLLEGAS
VAN DIE W.G.A.-DIREKSIE
EN VRIENDE,

Verlede jaar is u meegedeel dat dit vir my 'n interessante en aangename ondervinding is om mee te doen in die opbouing van hierdie geweldige boeresake. Onwillekeurig het ons meer en meer aandag aan die saak bestee en moet openlik bely dat die W.G.A. reeds 'n ware eresetel in my gedagtekring verower het. Nou is dit vir my meer verstaanbaar waarom die W.G.A. so'n belangrike plek in die daaglikse lewe van soveel duisende boere-vriende inneem.

In besonder gaan ons gedagtes uit na vriende in byna alle dele van ons land wat in menige gevalle hulpeloos staan teen die bedreiging van ernstige droogte-toestande. Ons as mede-boere weet waarmee die vriende te kamp het en waar ons organisasie enige hulp kan verleen, moet dit sonder aarseling gedoen word.

My indruk is dat 'n steeds sterker wordende stroom van goedsindigheid die organisasie toevloei en na die W.G.A. vir daadwerklike leiding in belang van die wolboere is die geheel opgesien word. Elke organisasie wat die gees en strewe van die W.G.A. openbaar — waarvan die hoogste tot die laagste amptenaar virig besied is met die idee om waardig en onverbetel in belang van die boer op te tree — is 'n groot bate en moet presteer.

Gelukkig is ons om vanjaar in heeltemal veranderde omstandighede te kan vergader. Die algemeen ontwrigte toestande en in besonder die woedende wêreldstryd, het verlede jaar 'n skaduwee oor ons verrigtinge gewerp, maar saam met miljoene uit alle wêrelddele kan ons die Voorsienigheid vir die beëindiging van wapengeweld dank.

Gedurende die oorlog, soos nog nooit tevore nie, is getoon tot watter kolossale en wonderbaarlike produksie die aardryk in staat is. As hierdie magte van vernietiging positief aangewend kan word, kan ons die toekoms met groot vertroue tegemoet gaan. Dit is ook hoog tyd dat elke diensbare burger op 'n billike wyse in die produkte van sy arbeid sal deel, terwyl inisiatief en ondernemingsgees nie aan bande gekê moet word nie.

In die geskiedenis van elke land kom daar 'n tydperk van heugtige oplewing en bloei. My voorspelling is dat hierdie fase nou in die ontwikkeling van Suid-Afrika aangebreek het. Elkeen van ons wat hom as 'n ware Suid-Afrikaner beskou, moet die gulde geleentheid na die beste van ons vermoë benut. Bekrompe idees moet soos 'n ou klee van ons weggewerp word en ons gedagterigting aanpas by die nuwe wêreldkonsepte. Die kunsmatige skelding tussen kapital en arbeid, produsent en verbruiker, moet vir ewig in die ban gedoen word. Werkers, werkgewers en regeerders moet heilhartig koöpeer in die opbouing van ons land.

Alles is vandag nog 'n geweldige wartoel. Een ligpunt in hierdie jaar is gelukkig die nuwe wolkmeta, na toepassing op Engeland, Australië, Nu-Seeland en Suid-Afrika. Die essensie van hierdie skema is die behoud van 'n langtermyn-skema met 'n minimum-prys en die herinstelling van ope markte. Onder hierdie skema het ons 'n sprekende voorbeeld van nasionale en internasionale samewerking en voel oortuig dat die president wat hier geskep is, nog groot navolging sal geniet.

Met hierdie geleentheid wil ons dan ook graag dank betuig vir die ervolte wyse waarop ons geëerde Vise-voorsitter, en ons ander Suid-Afrikaanse verteenwoordigers, die Suid-Afrikaanse wolboer op die konferensie te Londen verteenwoordig het. Ons voel geëerd dat die verantwoordelijkheid mnr. Moolman te beurt geval het en dank hom in besonder vir sy beyewering in belang van die bokhaar-produ-sent, hoewel dit nie in sy opdrag insaatspele was nie.

Dit is menslik om teleurgesteld te voel met die 5 pst. vermindering in die basiese wol-pryse, maar terselfdertyd, en met inagneming van die groot voorrade opgehoop gedurende die oorlog, het een en almal eker verlig gevoel dat die sny in pryse nie groter was nie. Ons wil aanneem dat ons verteenwoordigers by toestemming tot die vermindering daar baie goeie redes voor gehad het en ons sou graag

sien wat die wêreldpryse aanstaande jaar op die ope mark sal wees. Op een punt voel ons beslis en dit is dat daar geen verdere verlaging kan wees nie. Veral gedurende die oorlog was die vermeerdering in die wolpryse baie minder as in verhouding met die styging van algemene prysele en in besonder die styging van pryse van ander landbouprodukte en land-boubenodigdhede.

Vir die Suid-Afrikaanse merinowol sien ons voorwaar 'n baie rooskleurige toekoms. Ons produkte is gewild in die buiteland en met 'n groter toeganklikheid tot die wêreldmarkte sal ons groot mededinger, Australië, op 'n min of meer gelyke prysbasis dit moeilik vind om die markte voor ons weg te neem. Baie sal egter afhang van ons optrede in die nabye toekoms. Ons sake sal so ingerig moet word om te produseer wat die wêreldmarkte in die toekoms sal verlang. Gou sal ons gevolglik moet vasstel of die tipes en algemene gehaltes wat vandag op die mees lonende basis geproduseer word, hulle gewildheid in die nabye toekoms sal behou. Die hele industrie moet sonder versuim by enige veranderde omstandighede aangepas word.

Elkeen behoort vandag groots te voel op die Suid-Afrikaanse wolboer. In die land van proteksie tree hy vandag onbeskerm en onge-subsidieerd tot die wêreldmark toe. 'n Enorme kapitaal en onbepaalbare verantwoordelike-hed word deur hom direk en indirek op die skouers geneem. By die bepaling van verdere verpligtinge sal graag gesien word dat die regering en plaaslike owerhede hierdie aspek behoortlik in ag neem. 'n Ander belangrike saak wat onmiddellik die aandag van des-kundiges moet geniet, is die bepaling van die wisselkoerse. Ons vernem egter dat ons Vise-voorsitter die saak reeds by die betrokke outoriteite aanhangig gemaak het.

Bemoedigend is dit om te bemerk dat die wolboer meer en meer beheer oor sy produk verkry. Produksie is 'n belangrike saak, maar bemarking, verwerking en die distribusie van die klaggemaakte goedere moet nie uit die oog verloor word nie. Op die Direksie van die Suid-Afrikaanse filiaal van die Gesamentlike Organisasie sal wolboere ongetwyfeld die meerderheid vorm en dit sal tot die voordeel van die bedryf wees indien, soos aanbeveel, die handel, maar dan sonder enige voorbehoud, verteenwoordig word.

VIR MY IS DIT DUIDELIK DAT DAAR OOK 'N NUWE FASE IN DIE MAKELAARS-WESE AANGEBREEK HET.

Ons moet ons eie sake krities ontleed en elke makelaar moet hom eerlik afvra of hy ten volle aan sy doel, as verteenwoordiger van die boer, beantwoord. Ook moet toegesien word dat alle dienste op die mees doeltreffende en ekono-miese grondslag uitgevoer word.

Vir die boer is dit van die allergrootste belang dat sy makelaarsaak 'n lewende, flo-terende eenheid is waar ondoeltreffendheid en onekonomiese handelinge nie geduld maak word nie. U Direksie het reeds noukeurige aandag aan die saak gewy. Die toekomsplanne van die W.G.A. is duidelik geformuleer en positi-ewer doelgerigte handelinge sal steeds die kenmerk van u organisasie wees.

Die afgelope seisoen was weer een van merkwaardige prestasie. Trots uiters ongunstige klimaatiese toestande is daarin geslaag om ons finansiële posisie kragdig te versterk. Die state wat nou voor u ter tafel lê, vertolk verdienstelike vordering op verlede jaar. Na-dat alle nodige voorsienings gemaak is, bly daar 'n ruime saldo op die verdelingsrekening en u Direksie beveel aan:

- (1) Dat £10,000 op die Algemene Reserve geplaas word, wat die totaal op £40,000 bring.
- (2) 'n diwidende van 10 pst. waarop die normale belasting betaal is, weer ver-klar word — en
- (3) Die restant onverdeelde oorgedra word na die volgende boekjaar.

Die diensmotief word deur u organisasie steeds op die voorgrond gestel en daarom word veel meer gekonsentreer op die uitbreiding van dienste en besparings aan ons kliënte as alleenlik op die verwerwing van winste.

Om die kroon van alle suksesse te span, was die W.G.A. gedurende die afgelope seisoen in-strumenteel in die oprigting van 'n model-veeratsenrykundige saak wat onder die bekwaame leiding van prof. dr. H. O. Mönnig staan.

(Vervolg in kol 2)

MAATSKAPPYVERGADERING

Excelsior Meubels Beperk

Vierde Jaarlikse Algemene Vergadering

Op 28 September 1945 het die Vierde Jaarlikse Algemene Vergadering van Aandeelhouders in die geregistreerde kantoor van die maatskappy te Johannesburg plaasgevind. By hierdie geleentheid het die Voorzitter van die Direksie, mnr. J. H. van Vuuren, die aandeelhouders soos volg toegesprek:

Dames en Here,

Dis my besonder aangenaam om vir u oorgeweging en aanname die direksieverlag en geouditeerde finansiële state van u Maatskappy vir die boekjaar geëindig 30 Junie 1945 voor te lê.

Eksemplare van die jaarverslag is reeds aan elke aandeelhouer per pos toegesend. Daarin het u ongetwyfeld bemerk dat die handelswinst f124,650-6-2 beloop het, in vergelyking met f71,703-8-11 vir die vorige boekjaar. Nadat alle fabriek- en administrasiekoste afgetrek is, laat dit 'n winssaldo van f24,034-10-4. Uit hierdie saldo is verder voorsiening gemaak vir betaling van rente op geleende kapitaal, afskrywing van slegte skulde, waardevermindering, ens., waardeur dit 'n netto-saldo laat van f14,069-0-11. By hierdie bedrag moet egter gevoeg word die som van f9,548-8-0, wat oorgebly is van die vorige boekjaar, sodat die totale verdeelbare bedrag op f23,617-9-8 te staan kom.

Uit hierdie syfer is 'n finale diwidend van 4 persent vir die laaste halfjaar geëindig 30 Junie 1944 betaal, waardeur die totale diwidende vir die vorige boekjaar weer op 8 persent per jaar te staan gekom het. Verder is 'n bedrag van f213-11-8 na die diwidendereserwering vir voorkuraandeelhouders oorgeplaas, terwyl f6,163-6-7 tot die algemene reserwefonds en f1,500 tot die belastingreserwe toegevoeg is.

Betaling van 'n tussentydse diwidend van 4 persent vir die halfjaar geëindig 31 Desember 1944 het 12,303-15-8 bedra, en u sal bemerk dat die direksie in sy verslag aanbeveel dat die beskikbare bedrag van f11,760-5-3 soos volg aangewend word, t.w.

- | | |
|---|------------|
| (a) Finale Diwidend, rente en bonus op „A“- en „B“-aandeelkapitaal, gesamentlik gelykstaande aan 4 (vier) persent per halfjaar vir die termyn waarop sodanige kapitaal vanaf 1 Januarie 1945 tot 30 Junie 1945 inbetaal was | f2,618 5 1 |
| (b) Finale Diwidend en rente op die 5 persent kumulatiewe voorkuraandeel, gelykstaande aan 2½ (twee-en-'n-half) persent per halfjaar vir die termyn waarop sodanige kapitaal vanaf 1 Januarie 1945 tot 30 Junie 1945 inbetaal was | f 466 1 0 |
| (c) Diwidendereserwe vir voorkuraandeelhouders | f 505 9 9 |
| (d) Voorsiening vir Belasting | f3,500 0 0 |
| (e) Stywing van Reserwefonds vir slegte skulde | f3,500 0 0 |
| (f) Na algemene reserwerekening | f1,170 9 5 |

In die jaarverslag onder oorsig, sal u verder bemerk dat die direksie 'n aanvang gemaak het met die afskrywing van u Maatskappy se oprigtingskoste. Hierdie pos is nou reeds met f5,000 verminder en daar bestaan alle rede dat die balans van f13,953-2-8 binne die eerstvolgende twee boekjare geheel-en-al gedolg sal word.

Wat die geouditeerde balansstaat betref, wil ek graag 'n paar opmerkings maak oor die vernamste poste:

Die totale som, verteenwoordigende die bate, het gestyg na f253,204-16-6, d.w.s. 'n vermeerdering van f75,329-11-8 op dié van die vorige boekjaar. Hierdie styging het hoofsaaklik plaasgevind in die vorm van die aankoop van vaste eiendom te Paarl, vermeerdering van voorrade en begryplikerwys ook 'n toename van die pos „Debiteure“.

VASTE EIENDOM

Die bedrag van f22,813-18-7 onder die opschrift „Vaste Eiendomme“, verteenwoordig slegs die boekwaarde van u Maatskappy se eiendomme te Bloemfontein en die Paarl. Veral in die geval van Bloemfontein beloop die huidige markwaarde etlike duisende ponde meer.

VOORRADE

Wat die pos „Voorrade Voorhande“ betref, het daar 'n styging van f21,028 plaasgevind op dié van die vorige boekjaar. Hierdie vermeerdering in voorrade was noodsaaklik ten einde tred te kon hou met die veristes van 'n vergrootte omset. Ek sal netnou sekere aspekte insake die kwessie van voorrade verder behandel.

KREDIETFASILITEITE

Op die vorige jaarvergadering het ek 'n breedvoerige uiteensetting gegee van die beleid van die direksie met betrekking tot krediet-fasiliteite. In hierdie opsig wil ek weer beklemtoon dat daar uiters versigtig te werk gegaan word met transaksies onder die huurkoopstelsel, veral met die oog op inkorting van die risiko verbonde aan moontlike oninvorderbare skulde, sowel as die handhawing van vloeibaarheid van u Maatskappy se kapitaalfondse.

Volgens noukeurige ondersoek en vasstelling van u Maatskappy se amptelike ouditeure, het die persentasie oninvorderbare boeksulde oor die afgelope jaar nie meer as 1½ persent van die totale uitstaande bedrag beloop nie. Hierdie persentasie oninvorderbare skulde is reeds afgeskryf uit die winste nou voordat die toelingsrekening saamgestel is.

Met die vooruitsigte om binne afienbare tyd heelwat sagte goedere, ens., van oorsae te verwag, sal dit u Maatskappy in staat stel om sy kontantverkopings in verhouding te laat styg, waardeur sy kredietverkopings ooreenkomstig geneutraliseer sal word.

Die ander poste wat in die bate-kant op die balansstaat voorkom, is van geringe aard en vereis geen kommentaar nie.

AANDELE-KAPITAAL

Wat die bate-sy betref, is daar eerstens die kwessie van kapitaal. Met genoeë kan ek konstateer dat die geautoriseerde aandeelkapitaal van f200,000 aandeel van f1 elk op datum volkskrif is.

Die vinnige opname van Excelsior Meubels se aandeel lewer 'n sprekende bewys dat daar veral twee faktore van deurslaggewende betekenis is. Eerstens toon dit ondubbelinnig welke mate van vertroue u Maatskappy reeds by die beleggende publiek erlang. Tweedens word die winsgewendheid, van 'n beleggings-oogpunt, terdê deur geldbesitters besef.

Die feit dat u Maatskappy vanaf sy eerste jaargang nog elke boekjaar betaling van 'n diwidend van 8 (agt) persent sonder moeite kon handhaaf, beteken dat Excelsior Meubels vandag as een van die voordeligste beleggings-terreine in Afrikaanse handelskringe deur die publiek beskou word.

Ten einde u Maatskappy in staat te stel om binne die raamwerk van sy huidige bedryfsvomvang oor voldoende eie kapitaal-middele te beskik, is besluit om die aandeelkapitaal te vermeerder deur middel van 'n nuwe uitgifte van 300,000 gewone „B“-aandeel van f1 elk.

Hierdeur sal u Maatskappy se gemagtigde aandeelkapitaal dan op 'n half-miljoen pond te staan kom.

Deur die uitgifte van hierdie aandeel sal dit u Maatskappy in staat stel om, eerstens sy leningsrekening, insluitende die oortrokke bankrekening, geheel-en-al te delg. Tweedens sal kontantfondse beskikbaar wees vir bestelling van 'n groter verskeidenheid van oorsae goedere. Derdens sal dit u Maatskappy in staat stel om geleidelik sy eie persele aan te skaf, en vierdens om sy plaaslike voorraad-inkope soveel as moontlik op 'n kontantbasis te laat geskied.

Vir die potensiele belegger sal hierdie nuwe aandeel-uitgifte 'n geleentheid bied om kapitaal te belê 'n winsgewende handelsaak wat reeds gevestig is, en wat nou, in die vredestrydperk, uit die aard van sy bedryfswaardheid, aan die voorraad van groot ontwikkelingsmoontlikhede staan.

Sodra die nodige formaliteite nagekom is, sal prospektusse en aansoekvorms beskikbaar gestel word vir opname van die aandeel.

LENINGSREKENINGE

Die leningsrekening by Spoorbondkas word gereeld by wyse van maandelikse paaiemente gedolg. In hierdie opsig is gedurende die afgelope boekjaar f22,000 aan Spoorbondkas terugbetaal.

Ek het reeds gemeld dat u direksie met die nuwe uitgifte van aandeel beoog om die leningsrekening, insluitende die oortrokke bankrekening, so spoedig moontlik uit te wis.

KREDITEURE EN

BETAALBARE WISSELS

Hierdie pos toon 'n styging aan op dié van die vorige boekjaar. Die rede hiervoor is natuurlik te wyte aan 'n vergrootte omset.

Ten einde egter u Maatskappy se verpligtings binne sy finansiële draagkrag te hou, word alle verkopings van voorrade streng deur sy hoofkantoor gereguleer. Met die oog op doeltreffende bedryfsregulering is 'n sentraliseesiekema van inkoop en kapitaalfondse in werking gestel. Dit word deur u Maatskappy se hoofkantoor waargeneem, waardeur die aankoop van voorrade sowel as die nakoming van alle finansiële verpligtings nou slegs deur een kanaal geskied en gekontroleer word.

WINS- EN VERLIESREKENING

Ofskoon ek reeds 'n oorsig gegee het van u Maatskappy se bedryfsresultate en die voorgestelde winsbesteding, sal u my vergun as ek nog 'n paar opmerkings met betrekking tot hierdie pos toevoeg.

Die terrein waarop u Maatskappy handel drywe, naamlik die meubelbedryf, is deur 'n dié jare heen nog steeds gekenmerk as 'n besonder winsgewende handelsvertakking. Uit die aard van die saak kan daar dus staat gemaak word op 'n veilige winsmarge wat op sy beurt vir die kapitaalbelegger die versekering bied van 'n redelike rente-inkomste.

Die voordele van kapitaalbelegging in 'n maatskappy soos Excelsior Meubels, word ten duidelikste weerspieël daarin dat u Maatskappy 'n diwidend van 8 (agt) persent aan sy aandeelhouders kon besorg. Nie alleen egter was die winste voldoende om hierdie diwidende gereeld te handhaaf nie, maar hierbenewens was u direksie verder in staat om 'n reserwefonds in sy oprigtingsperiode op te bou wat vergelykenderwys baie gunstig afsteek by die resultate van ander sakeondernemings in dieselfde kategorie.

Die prestasies van u Maatskappy is des te merkwaardiger as in aanmerking geneem word die groot en buitengewone koste wat bestry moes word in verband met die oornam en oprigting van negte winkels en drie fabriek, en kapitaalplasing van 200,000 aandeel plus 'n bedrag van oor die f7,000 wat afgesonderd is vir belastingdoeleindes. U almal weet hoe swaar die huidige oorwinstbelasting op veral jong maatskappye druk. Sodra hierdie struikelblok uit die weg geruim is, en ons hoop dit sal spoedig gebeur, sal u Maatskappy se reserwefonds met versnelde tempo gestyg kan word.

Daarom voel ek dankbaar in die kennis dat u as aandeelhouders genoeë daarty vind dat u nie alleen 'n redelike vergoeding op u kapitaal in die vorm van diwidende ontvang nie, maar dat u Maatskappy in die kort tydsebestek van slegs vier jaar sodanig gestabiliseer kon word dat u nou oor 'n gevestigde en winsgewende saak beskik wat diep en stewig gewortel is in die Afrikaanse ekonomiese volkslewe.

Dit bring my dan aan die einde van my opmerkings oor items voortspruitende uit die balansstaat.

UITGIFTE VAN OBLIGASIES

Gedurende die laaste helfte van die boekjaar onder behandeling het u direksie oorgegaan tot die uitgifte van f100,000 se obligasies teen 'n rentekoers van 5 persent per jaar.

Die oogmerk met die uitgifte hiervan was naamlik om u Maatskappy se leningsrekening geheel-en-al te delg en om die balans as bedryfskapitaal op te neem. Die termyn van hierdie uitgifte is vasgestel op ses jaar waarvan dit afgelos sou word.

Aangesien die uitgifte nie binne die vasgestelde termyn volkskrif was nie, het u direksie besluit om die uitreiking van obligasies terug te trek en dit te laat vervang deur 'n vermeerdering van die aandeelkapitaal, waarvan reeds melding gemaak is.

Die uitgifte van obligasies is 'n nuwe vorm van belegging wat betreklik onbekend by die Afrikaanse-prekende publiek is. Verder het u direksie dit nie wenslik beskou om die termyn van aflissing op minder as ses jaar te stel nie.

Dit het dus gebleek dat die gewone belegger die termyn as te lank beskou het, veral met die oog op die vloeiende omstandighede voortspruitende uit die beëindiging van die oorlog, wat tegelykertyd saamgeval het met die lods van die uitgifte van die obligasies.

NA-OORLOGSE TYDPERK

Die langverwagte vrede het eindelijk gekom. Vir u Maatskappy wat 'n paar jaar na aanvang van die oorlog tot stand gekom het, beteken dit sy eerste jaargang in vredestryd. Dit beteken verder ook dat u Maatskappy nou

sy daadwerklke bydrae sal moet lewer in die heropbou en hervorming van 'n na-oorlogse struktuur.

Die meubelnywerheid staan voor 'n groot taak. Tienduiseende woonhuise, kantore, kerkgeboue, ens., wat geleidelik gaan verrys, sal, afgesien van die normale aanvraag, van meubels voorsien moet word. Die bou- en meubelbedrywe staan dus voor 'n bloeitydperk, waardeur u Maatskappy begryplikerwys ook bevoordeel sal word.

'n Tweede faktor van belang is naamlik dat u Maatskappy nou in staat sal wees om sy verskeidenheid van voorrade aansienlik uit te brei deur middel van invoerartikels wat gedurende die oorlogsjare nie verkrygbaar was nie. In hierdie verband gaan dit hoofsaaklik oor 'n verskeidenheid van kleiner soort artikels en sagte goedere wat in die reël op 'n kontantbasis gekoop en verkoop word. Dit beteken dat u Maatskappy heelwat kapitaal-fondse beskikbaar moet hê vir inkoop. Daar-teenoor sal die persentasie kontantverkopings ook merkbaar styg en die risiko verbonde aan uitstaande boeksulde ooreenkomstig ingekrimp word.

U direksie het reeds groot vordering gemaak met die organisering van inkoopkanale en die verkryging van agentskappe vir bepaalde soorte artikels. Hy word egter nog gestrem deur gebrek aan voldoende bedryfskapitaal, en gehoop word dat die nuwe uitgifte van aandeel die posisie sal vergemaklik.

Wat die kwessie van invoer en uitbreiding betref, wil ek egter beklemtoon dat daar nie oorhaastig te werk gegaan sal word nie. Die wêreld verkeer nog in groot verwarring en die oorskakeling na vredesomstandighede is tans nog 'n duur proses. Met die oog op mededinging, doeltreffendheid en stabiliteit, is dit dus wenslik om die ontwikkelingsgang fyn te betuider en dop te hou. Die invoer- en uitbreidingsbeleid van u Maatskappy sal dus van tyd tot tyd behoorlik geformuleer en gereguleer word vir aanpassing by die verskillende fases van ontwikkeling op ekonomiese, staatskundige en sosiale gebied.

PERSONEEL

Gedurende die boekjaar onder oorsig het daar geen groot veranderings of aanwassing van die personeel plaasgevind nie. Heelwat aandag is gewy aan die kwessie van bestediging en verdere afrigting van die personeel, met die oog op groter doeltreffendheid.

SEKRETARIAAT

Op 1 Julie 1945 het mnr. P. J. A. Jacobs toegetree tot die direksie en is benoem en bevorder tot Besturende Direkteur van u Maatskappy. Hierdeur het die pos van Hoofbestuurder/Sekretaris vakant geraak, en mnr. D. Joubert is tot Sekretaris aangestel.

WAARDEERING

Aan die Besturende Direkteur van u Maatskappy sowel as die Besturende Direkteur van ons fabriek, die Sekretaris en al die ander lede van die personeel, word ons innige dank en waardering betuig vir hul waardevolle en toegewyde dienste.

DIREKTORAAT

Ooreenkomstig die bepaelings van die Statute, tree mnr. T. H. Schutte en P. J. A. Jacobs en elks volgens rooster af. Die aftredende direkteur het hul weer herkiesbaar gestel en is behoorlik genomineer. U sal netnou gevra word om tot die aanvulling van die vakatures oor te gaan.

In die loop van die jaar is mnr. T. H. Schutte as Besturende Direkteur van ons twee fabriek te Johannesburg, nl. J. B. en T. H. Schutte Beperk en Vera Meubels benoem, terwyl mnr. J. J. Coetzee benoem is tot Besturende Direkteur van Alma-Meubelfabriek te Bloemfontein.

Graag betuig ek my innige dank en waardering aan my kollegas vir die groot mate van medewerking en ondersteuning van hulle ontvang, en aan wie se getroue pligsvervulling dit groterdeels te danke is dat u Maatskappy veilig bestuur en gelei word.


Ten besluite stel ek nou voor dat die direksieverlag en die geouditeerde finansiële state aangenem en bekragtig word, en dat alle handelinge en besluite van die direksie oor die afgelope boekjaar namens en ten behoeve van die Maatskappy, hierby goedgekeur en bekragtig word.

Hierdie voorstel is deur 'n aandeelhouer gekondeur en eenparig aangenem.

Die aftredende direkteure, t.w. mnr. J. H. van Vuuren, T. H. Schutte en P. J. A. Jacobs is behoorlik herkies, en nadat die vergoeding van die Maatskappy se ouditeure vir die afgelope boekjaar vasgestel is, het die vergadering met 'n mosie van dank aan die stoel verdaag.

(Advt.)

Noodlottige Onderlinge Twis



Die partystelsel vereis dat 'n volk teen homself moet veg en dus nie tyd of aandag het om gesamentlik teen gevare van buite op te tree nie. Die onlangse openbaring van kommunistiese aanstorming het slegs ten gevolge gehad dat die politieke partye mekaar oor en weer verwyrt dat die ander die oorsaak van die gevaar is! Hierdie verwyte bring ons volk egter nie in veiligheid nie. Intendeel!

Uitskakeling van die partystelsel en die organisering van die volk op grondslag van sy natuurlike vertakkinge in 'n gees van samewerking, sal hom in staat stel om enige vraagstuk met volle krag aan te pak en gemeenskaplike gevare die hoof te bied.

Parlement Verloor Nog Meer Gesag

Die parlement het nog 'n verdere ernstige terugslag ontvang op die reeks wat in die afgelope jare hom in groter onguns by die volk laat verval het.

Soos in meeste van die vorige gevalle het hy hierdie knou uit die hand van die parlementêre politici self ontvang, omdat selfs hierdie mense nie meer met so'n lompe instelling tred kan hou in die wêreldontwikkeling nie.

Die Unie-regering het verlede week bekend gemaak dat hy besluit het om die handves van die Verenigde Volke op eie houtjie te bekragtig sonder om dit eers aan die parlement voor te lê. As rede word genoem die feit dat die eerste byeenkoms van die algemene vergadering van die Verenigde Volke reeds op 4 Desember plaasvind en dat die Unie daarop verteenwoordig moet wees.

Die leier van die opposisie, dr. D. F. Malan, het 'n kwaai protes teen hierdie besluit van die regerende party in die pers gepubliseer. Hy verklaar dat dit regstreeks in stryd is met die konstitusionele gebruike van ons land en die vaste onderneming van die Eerste Minister self. Verder noem hy dit „sabotasie van ons eie vrye en demokratiese instellings”.

● Sprinkel die borsel waarmee tapyte moet skoongemaak word, gereeld eenmaal per week, net voor dit gebruik word, met ammoniak. Die klam borsel tel alle wollerigheid gouer op en maak ook die kleur van die tapyt helder. Dit help ook om 'n rook-reuk weg te neem.

Onderdrukking van Godsdiens Deur Rusland

Engelse Word Mislei, Sê Brit

In 'n oorsig van die politieke toestand in Europa, behandel Kenneth de Courcy in sy blad, wat in Londen gedruk word, die Britse verhouding met Rusland. Hoewel die Arbeidersparty van Engeland die kommunisme self sterk veroordeel, verklaar hy, is daar tog baie jong links-gesinde lede van die party in die parlement wat niks van Europa af weet nie, behalwe wat hulle in propagandistiese boekies gelees het. Hulle verkeer onder die indruk dat die linkse beweging in Europa 'n demokratiese volksbeweging is wat ten volle gesteun moet word deur die Britse sosialistiese regering.

Hy wys daarop dat hoewel Attlee en Churchill dieselfde beleid ten opsigte van Rusland verkondig het, hulle nog nie alles gesê het nie. Daar vind 'n groot tragedie plaas, veral ook in die Oossee-state, waaroor nog baie weinig gesê is. Hy haal dan die volgende aan uit 'n brief van 'n Letlandse predikant onder datum 31 Mei 1945:

KERKE BELAS

„Op 17 Junie 1940 het Rusland in stryd met alle ooreenkomste van onsydigheid tussen Letland en hom, laaggenoemde geannekseer en sy onafhanklikheid vernietig... Onder die dekrete was een teen die godsdiens gemik. Ons weeshuise is gesluit en die kinders na die vier windstreke versprei. Skielik het 'n spesiale kommissie na die kerk gekom. Al die geld en dokumente het verdwyn en ons is sonder 'n pennie gelaat.

Ek het aan hulle gevra of ons nog dienste mag hou.

„O ja, jy kan”, was die antwoord, „indien jy 'n spesiale permit verkry. Maar jy sal moet gou speel, anders gaan die een of ander maatskaplike organisasie aansoek doen om 'n permit om die kerk vir hul doeleindes te gebruik”.

„Ons het die permit gekry. Aan die staat moes huur betaal word vir elke ding — Nagmaalbekers, boeke, klavier, orrel, ens. Die elektrisiteitsfooi vir so'n „private onderneming” was 25 maal hoër as vir huishoude-

like gebruik. Na 'n paar maande van hopelose stryd, moes almal opgee.

BIOSKOPE

Duisende kerke is beslag op gelê — dit is slegs propaganda om van godsdiensvryheid te praat... In Riga is vier van ons grootste kerke gesluit en in bioskoopale omgeskep.

„Ek sal jou vertel van my eerste ervaring met die politieke polisie. Hulle het al my papiere weggenem. Ek moes wêreldlike werk soek om my te beskerm, maar weens my godsdienstige beroep, was dit feitlik onmoontlik. Etlike maande het ek tevergeefs gesoek. Eindelik het ek daarin geslaag, maar drie weke later is ek na die voorsitter van die werkerskomitee ontbied. Hy het ontdek dat ek 'n predikant was. Hy het my versoek om alle verband met my godsdiens op te sê. Ek het geweier, en twee weke later is ek in hegtenis geneem. Die blad gaan verder om mee te deel dat die predikant na 'n lang tyd van verdrukking sy vryheid aangebied is en hy toegelaat sou word om te preek indien hy propaganda sou maak ten gunste van die anneksasie van Letland deur Rusland en vir die kommunistiese politiek.

Al hierdie dinge, so verklaar die blad, geskied in die naam van vryheid en demokrasie. Die Britse publiek word totaal mislei.

Hertzogville Maak Vordering

Hertzogville-kommando het O.B. dag gehou op 9 Aug. en die mooi bedrag van £100 wins is ingesamel — 'n groot verbetering op verlede jaar se £60. Die kommando was gelukkig om die K.G. as spreker teenwoordig te hê. — (Ingestuur).

BOERE!

Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende LANDBOU KOLLEGE by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE KURSUSSE in:

- BEESBOERDERY £10 kontant (of £12 op terme)
- BYEBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- BOERDERY-BOEKHOU £5 kontant (of £7 op terme)
- PLUIMVEE-BOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- SKAAP- EN WOLBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- TABAKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- VARKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

HUISVROU!

Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

DIENS!

As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.

Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:

**PRINSIPAAL
BOERDERY-
KORRESPONDENSIE-KOLLEGE**

POSBUS 180

STELLENBOSCH

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisverskeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
180 Takke

ROELOU BARRY

(EDMS.) BPK.

—o—

GARAGES EN HANDELAARS

—o—

Vir Diens te:

Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Koebergweg, Brooklyn, Kaapstad
Laingsburg

MARKAGENTSAP

VROEE MÔRE-MARK

KAAPSTAD


BETALING GESKIED ONMIDDEL-
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.

BESTE REGERENDE PRYSL.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV BETIEF.

Telefoon 2-0212.



Belangrike poste word deur OPGELEIDE
persone verkry. Honderde T.A.K.K.-stu-
dente beklee reeds goed besoldigde be-
trekkings. U kan net so suksesvol wees.
Pos hierdie koepou vandag.

TRANSAFRIKAANS Korrespondente KOLLEGES

Waarby ingelyf is Uni-
versiteits-Korrespon-
siekolleges (Eiens.) Bpk.,
Bpk., Pretoria, en Help-
mekaar-Korrespondensie-
Kollege T.O., Johannes-
burg.

Aan: Die Registrateur,
Transafrikaanse Korrespon-
siekolleges (Eiens.) Bpk.,
Dept. O.B., Bus 640, Pretoria.

Stuur my, sonder enige verpligting aan my
kant, besonderhede omtrent julle kursusse

Naam

Adres

Eksamens afgelê

Ouderdom

SKRYF ASSEBLIEF IN DRUKLETTERS.

Finansiële Betrekkinge Tussen Engeland en V.S.A.

(Deur ons Ekonomiese Medewerker.)

In die vorige artikel is die haglike finansiële toestand waarin Brittanje verkeer, bespreek. Daaruit het dit geblyk dat sy probleem van tweeërlei aard is, naamlik (1) die korttermyn-, (2) die langtermynvraagstuk. Van hierdie twee is die korttermynaspek die mees dringende en die ernstigste. Op die lang duur moet hy natuurlik sorg dat hy voldoende uitvoer om die nodige te kan invoer. Maar op die oomblik is dit buite alle perke van waarskynlikheid, en miskien ook moontlikheid, dat hy genoeg sal kan uitvoer om sy probleem van internasionale verskuldung op te los en terselfdertyd voldoende basiese lewensmiddele in te voer. Hy het finansiële bystand dringend nodig. Derhalwe dat 'n Britse afvaardiging na die V.S.A. gestuur is om hulp te gaan soek. Sapa-Reuter berig nou uit Washington dat 'n tentatiewe ooreenkoms tussen die Britte en Amerikaners bereik is m.b.t. 'n lening van 5,000 miljoen dollar of ongeveer £1,250,000,000 aan Brittanje, afhange van finale beslissings ten opsigte van handelsbeleid.

Dit sou miskien oordrewe wees om te sê dat hy met die hoed in die hand na Amerika gegaan het, want hy het sterk wapens wat hy in werking kan stel indien die V.S.A. nie tegemoet wou kom nie. Maar dat hy, op die kort duur altans, Amerikaanse finansiële hulp as voordeligste alternatief beskou het, is ook seker.

ENGELAND SE SKULD

Ons het daarop gewys dat Brittanje se korttermynskuld, d.w.s. skuld wat hy binnekort sal moet afbetaal, op ongeveer £4,000 miljoen gestel kan word. Die berigte uit Washington maak melding van 'n skuld van £3,500 miljoen aan die Statebondslende. Indië en Egipte is waarskynlik die grootste skuldeisers.

As die behandeling van hierdie skuld op die heel gunstigste wyse vir Brittanje geskied, sal hy nogtans ongeveer £1,000 miljoen nodig hê (volgens ons aannames in die vorige artikel) om hom in die oorgangsperiode te help. Die V.S.A. kon ongetwyfeld die enigste bron van hulp wees. Daar word ook bereken dat Brittanje in die oorgangsperiode £500 miljoen se produkte en grondstowwe van Amerika moet kry waarvoor hy nie sal kan betaal nie. Brittanje sou dus binnekort £1,500 miljoen nodig hê, of omgerek in terme van dollars 6,000 miljoen dollars. Hierdie bedrag is dubbel dié wat Amerikaners, wat finansiële steun aan Brittanje voorgestaan het, in gedagte gehad het. Hierdie bedrag is ook 1 biljoen dollar meer as wat by die ooreenkoms, hierbo genoem, betrokke is.

OP SKULD LEWE

Dat Brittanje gedurende die volgende aantal maande op krediet sal moet lewe tot die bedrag van £500 miljoen, hierbo genoem, lyk onvermydelik. Sy invoere vanuit die V.S.A. het gedurende hierdie oorlog gestyg van £118 miljoen in 1938 tot £533 miljoen insluitende bruikleen-goedere maar sonder ammunisie in 1944, terwyl sy uitvoere na die V.S.A. in laasgenoemde jaar slegs £18 miljoen beloop het. Sonder hierdie invoere uit Amerika kan hy nie klaarkom nie; dit bestaan uit voedsel (£111 miljoen) petrol en olie (195 miljoen) en noodsaaklike grondstowwe vir die fabriek.

Beveridge, die bekende opsteller van die Engelse verslag insake Bestaansbeveiliging, beweer in sy jongste boek dat hoewel baie van die goedere op die lang duur ook uit ander lande verkry kan word, dit op die oomblik nie 'n praktiese moontlikheid is nie.

ONS GOUD

Terwyl die dringendheid van die Britse behoeftes verskerp het, het die bronne waaruit Brittanje dollars kry, grootliks verminder, deurdat Amerikaanse troepe uit Engeland teruggetrek is. (Hier kan daarop gewys word dat Suid-Afrika indirek die beste bron t.o.v. dollars vir Brittanje is aangesien hy altyd ons goud aan die V.S.A. kan verkoop, terwyl hy ook met dollars kan betaal word vir goedere wat die Unie van hom gekoop het.) Die bruikleenskema waaronder na Brittanje nie alleen ammunisie nie maar ook baie lewensmiddele verskep is, is skielik beëindig — so skielik dat dit die Britte verslae gelaat het.

£25,000-Gebou vir Drukkery

Met die bou van die nuwe drukkerij van Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., word 'n aanvang gemaak. Die gebou, wat ingerig word om aan al die vereistes van 'n moderne drukkerij en uitgewersonderneming te voldoen, word opgerig in Birdstraat, Stellenbosch, teen 'n koste van £25,000.

Hoewel die presiese waarde van die hulp wat Brittanje onder die bruikleenskema ontvang het, nie beskikbaar is nie, word dit op tussen 16,000 miljoen en 20,000 miljoen dollar geskat. Gestel dit is 18,000 miljoen dollar. Daarteenoor het Brittanje aan die V.S.A. onder die skema hulp verleen ten bedrae van 3,350 miljoen dollar. Dit laat 'n netto bedrag van 14,650 miljoen dollar, of ongeveer £3,660 miljoen. In die berekeninge hierbo is aangeneem dat Brittanje van hierdie skuld geheel en al kwytgeskel word. As dit nie gebeur nie, sal hy in 'n onmoontlike ekonomiese posisie geplaas word.

STOOT BORS UIT

Afgaande op uitlatings van Engelse tydskrifte en van die afgevaardigdes, blyk dit dat hulle wel verwag het dat die V.S.A. hulle moes help. Getuig daarvan die argumente dat Brittanje in alle opsigte — b.v. lewensverlies, finansiële opofferings,

ens. — meer bygedra het tot die Geallieerde oorwinning as Amerika. „The Economist” — een van die mees gesaghebbende Engelse tydskrifte oor ekonomiese en politieke aangeleenthede in daardie land — van 4 Augustus 1945 het reeds gesinsinuer dat 6,000 miljoen dollars vir die Verenigde State nie 'n groot som geld is nie. En dit hoef nie noodwendig 'n lening te wees nie, want die terugbetaling daarvan te same met die rente, sal maar weer nuwe moeilikhede byvoeg by die reeds bestaande. Netjies stel die blad die gedagte: „And if it were desired to make a grant without specified conditions of interest or repayment ample reasons could be found.” Sulke redes is b.v. „dat die oorlog nie in 1941 begin het toe Amerika ook binnegetree het nie, en dat die finansiële verpligtinge wat Brittanje hom op die hals gehaal het in die „kom haal en betaal”-periode eintlik nie sy verpligting alleen behoort te wees nie, aangesien dit deel was van die gesamentlike oorlogspoging.

INTERNASIONALE FONDS

„The Economist” het ook so 'n groot lening deur Amerika as voorvereiste gestel vir die deelneming van Brittanje aan die Internasionale Monetêre Fonds, 'n produk van die Bretton Woods-Konferensie van Julie 1944. Hierdie Fonds beoog die bevordering van die internasionale handel deur die vergemakliking van die nakoming van finansiële verpligtinge wat daaruit ontstaan. Die leningsfasiliteite wat onder hierdie fonds ter beskikking van lede gestel word mag nie gebruik word vir doeleindes waarvoor Brittanje hulle op die huidige stadium benodig nie, en is ook in hierdie geval heeltemal onvoldoende. Die Amerikaanse Kongres het reeds lidmaatskap in die Internasionale Monetêre Fonds aanvaar, en of Brittanje dit ook sou doen, sou skynbaar afhang van die hulp wat hy van die V.S.A. gaan kry.

Die Verenigde State, aan die ander kant, het die volgende voorwaardes gestel as voorvereistes vir die hulpverlening aan Brittanje: (1) Die vermindering van die Britse skuld van £3,500 miljoen aan die Statebondslende b.v. deur kwytskelding of repudiasie. (2) Die verlaging van die voorkeurtariewe in die Britse Ryk, of soos dit nou blyk, sommeer die algehele afskaffing van die Britse Ryksvoorkeurstelsel.

KWYTSKELDING

'n Gedeeltelike kwytskelding van die skuld deur skuldeisers in die Britse Statebond is 'n moontlikheid waarop „The Economist” van 4 Augustus 1945 ook al gesinspeel het. Die blad stel die bedrag op £1,000 miljoen. Aan die ander kant is Indië besig om te agiteer vir die ontvriessing (Vervolg op bls. 9, kol. 3)

WAARVOOR ENGELAND ONS KOS GEBRUIK

Ons lees in 'n onlangse uitgawe van die Britse „Sunday Empire News” dat 'n beroep op die regering gedoen word om die publiek in te lig omtrent die demobilisasie.

Die regering se reaksie hierop was om eenvoudig aan te kondig dat alle seelui van die handelsvloot bo 25 jaar, wat wens aan land te gaan op 31 Desember, vry is om te gaan. Maklik gedoen! Dit staan egter enig-

een vry om langer aan te bly in die handelsvloot, want die werk sal volop wees om die voedsel na Europa en die Ooste te verskep.

Ons vra nou of die voedsel wat ons regering besig is om bymekaar te skraap, na Engeland gestuur word om die Engelse self te voorsien, of gaan Engeland dit gebruik as handelsware vir die Ooste en Europa om sy eie seelui nog langer van werk te voorsien?

SKANDALIGE UITBUITING VAN POLISIEMAG

GEWONE KONSTABEL KRY NOOIT SOVEEL AS £1 PER DAG

Die skandalige behandeling wat die polisiemag ontvang onder die huidige bedeling, is 'n ernstige aanklag teen die partybewind wat die mond vol het van bestaansbeveiliging.

Die Boervolk is trots op sy polisiemag. Hierdie klein mag het roem verwerf oor die hele wêreld. Onder die buitengewoon moeilike omstandighede veroorsaak deur 'n groot kleurling- en naturellebevolking sowel as verskeie groepe in die blanke bevolking, het ons polisiemag homself roemryk van sy taak gekwyf. Vreemde volke se oë is gerig op ons polisiemag. Hulle leer van ons en volg ons metodes van misdaad-onderzoek na. Veral die Midde-Ooste en die V.S.A. is baie geïnteresseerd.

Gedurende die moeilike oorlogsjare het ons polisie hulself skitterend gekwyf van 'n moeilike taak wat uitgevoer moes word deur slegs 'n uitgedunde Mag. Misdaad, wat veral in oorlogsjare ryk teelaarde vind, het vinnig toegeneem. Rasewrywing het meer prominent as ooit tevore op die voorgrond getree. 'n Groot gedeelte van die S.A.P. moes noodsaaklike oorlogswerk verrig. Ander moes, in baie gevalle deur 'n onregverdige regering daartoe gedwing, die wapens opneem om in die buiteland te gaan veg.

Op die skouers van die klompie amptenare wat in Suid-Afrika agtergebly het, het die moeilike taak gerus om wet en orde te handhaaf in 'n land reeds vasgeknél in die greep van misdaad-vlae, oorlogsontwrigting en politieke chaos sowel as wanbestuur.

VERGETE HELDE

Onluste, stakings, rowerye, ernstige aanrandings en moord. Dit alles was aan die orde van die dag en wet-teloosheid het hoogty gevier. Polisiemanne was betrokke veral in dié onluste, stakings van mynkaffers, en in talle van botsings met die wettelose elemente in die agterbuurtes van die groot stede of op die verafgeleë plase. Sommige is beseer, party ernstig. 'n Aantal moes hul lewegan in die uitvoering van hul plig.

Onder die onbekende en onbesongte helde van ons land is jong seuns en ouer manne, lede van die Suid-Afrikaanse Polisie. 'n Militêre begrafnis was die laaste eerbewys aan hulle betoon. Daarna? Miskien 'n klein pensioen aan die oorledene se gesin of glad niks, 'n kort offisiële doodskennisgewing in 'Mag Orders', en 'n held is vergete van owerheids-wêreld. Slegs 'n treurende eggenote en kinders is agtergelaat, dikwels sonder heenkome.

Tenspyte van die moeilike en gevaarlike taak wat ons geregsdienaars te doen staan werk hul vir 'n uiters karige salaris. „Die polisiemag is die stiefkind van die Regering” het 'n amptenaar eenmaal tereg gesê. Dikwels moet die Mag die spit afbyt as gevolg van die dwase optrede van die Regering.

ARMOEDE

'n Geregsdienaar in Suid-Afrika word swak betaal. Hopeloos onderbetaal. Gedurende die tyd wanneer hy sy opleiding aan die Opleidingsdepôt in Pretoria geniet, is sy salaris £10 per maand. Nadat die nodige aftrekkings gemaak is vir losies, pensioen, ens. ontvang hy slegs 'n klein bedrag — gewoonlik ongeveer £4 — aan salaris. Indien so 'n rekrut-konstabel sy ouers moet help onderhou, soos dikwels die geval is, het hy feitlik geen sakgeld oor nie!

Sodra 'n polisie-beampte klaar sy opleiding ontvang het en gestasioneer word op sy eerste stasie, ontvang hy 'n salaris van £10-10-0 per maand.

Hierby kom nog 'n „uniform-toelae” van ongeveer dertien sjielings, wat in werklikheid vir die konstabel wat elke dag straatdiens moet doen, nie eers voldoende is vir 'n skoen-toelae nie! Vanaf £12-10-0 styg die salaris baie stadig. Indien die beampte nie gelukkig genoeg is om gedurende daardie tydperk gepromoveer te word nie, ontvang hy na elf jaar troue diens, — mits sy jaarlikse salaris-verhogings intussen nie vertraag word nie — die maksimum salaris vir 'n konstabel, d.w.s. ongeveer £29. Sersante, hoofkonstabels en offisiere vaar 'n weinig beter.

OP DIE ASHOOP

Wanneer 'n konstabel miskien na ongeveer vyf-en-dertig jaar getroue en toegewyde diens aftree, ontvang hy die miserabele pensioen van ongeveer £9 per maand en 'n bedrag wat gewoonlik naastenby £500 beloop. En hiervoor moet hy gedurende sy hele diens-tydperk gereeld elke maand bydra tot die pensioen-skema!

Seun Bring £5 Vir 'n Halfkroon

'n Seun, Johann Swart van die Boerejeug, Die Hoop, Oudtshoorn, het verlede jaar 2/6 ontvang van een van die offisiere om te spandeer op 'n O.B.-funksie. Hy het dit egter nie gespandeer nie, maar 'n broeisels hoendereiers daarvoor gekoop, die kuikens grootgemaak en toe die hoenders op 'n O.B.-funksie onlangs verkoop vir £5.

Ons polisiebeamptes, waarvan seker byna 90 persent Afrikaanssprekend is, word skreiend afgeskeep op byna elke gebied maar veral insover dit besoldiging betref.

'n Polisieman word veronderstel om „altyd op diens te wees”. M.a.w. enige tyd, hetsy in die dag of in die nag, wanneer sy dienste nodig is, word veronderstel dat hy onmiddellik sy pligte moet nakom. Dikwels, veral in tyd van oorlog, onluste of noodtoestande, moet geregsdienaars oortyd werk. Soms tot twintig uur of langer per dag. In teenstelling, egter, met baie van die ander staatsampnare is lede van die polisiemag nie geregtig op enige oortyd-betalings nie!

'n Konstabel op straatdiens se normale diensure is 8 uur per dag. Staande Orders skryf voor dat hy sy ronde moet loop teen ongeveer 3 m.p.u. D.w.s. hy loop gedurende elke dag se diensperiode van agt uur minstens 24 myl ver op statige, militêre wyse. Terwyl hulle op diens is, word amptenare nie toegelaat om te rook of om te rus of enigiets te doen wat afbreuk doen aan die dissipline van die Mag nie.

(Vervolg van bl. 8, kol 4)

van sy sterlingbalans van £1,080 miljoen, gedeeltelik in die vorm van 'n toekenning van dollar-krediete. Egipte vra ook dat Brittanje sy skuld vereffen o.a. deur die oordrag van Britse aandele in die Suez kanaal. Dit wil dus voorkom asof kwytskelding nie deur die genoemde lande in 'n baie gunstige lig oorweeg word nie.

RYKSVOORKEUR

Oor die vraagstuk van afskaffing van die Ryksvoorkeur verskyn daar nog elke dag baie berigte. Brittanje kan hieroor nie besluit sonder raadgeving van die verskillende lede van die Statebond nie. Hierdie lande van die Ryksvoorkeurgebied kan maklik georganiseer word in 'n permanente sterlingblok. En dit is hierdie moontlikheid wat deur Brittanje as 'n sterk wapen gebruik is in sy onderhandelings met die V.S.A., want Amerikaanse uitvoere sal byna geheel uit so 'n sterlingblok geweer word. Daar was selfs sprake dat as Brittanje sou moes kies tussen hulp uit Amerika aan die een kant en behoud van die voordelige handel in die Ryksvoorkeurgebied aan die ander, hy laasgenoemde alternatief sou verkies. Gevolglik sal daar nou eers 'n konferensie van Statebondslende moet plaasvind voordat 'n antwoord verstrek kan word op die voorwaardes waaraan 'n Amerikaanse lening afhankelijk gestel is.

In die V.S.A. is daar ook al bedenkinge geopper teen die wysheid van lenings aan Brittanje, aangesien laasgenoemde se sosialistiese neigings lynreg in teenstelling is met die veelgepreste stelsel van vrye onderneming in Amerika. Die uitlatings van Bevin, Britse minister van buitelandse sake, etlike weke gelede insake Britse buitelandse beleid, was egter so konserwatief dat hulle tot 'n mate selfs die Amerikaanse bedenkinge teen moontlike Britse sosialisme kon besweer. Inderwaarheid het sommige dele van die Arbeidersparty wat meer links gesind was, groot ongenoë met die uitlatings te kenne gegee.

Die resultaat van al hierdie omstandighede is dus nog in die weegskaal.

„Republiek Het Ander Stelsel Gehad”

Vir lesers van Die Burger wat in die jongste tyd van hul politieke leiers moes verneem dat die parlementêre stelsel so eg Afrikaans is, moes dit ietwat ontnugterend gewees het om die volgende verduideliking in hul koerant in die rubriek Van Alle Kante te lees in antwoord op 'n navraag van wanneer af die stelsel van twee partye in die parlement dateer: „Hierdie parlementêre stelsel het in Engeland ontstaan en is in ons land oorgeeneem. Die twee Republikeinse regerings het 'n ander stelsel gevolg. In Transvaal b.v. was die leier van die party wat by presidentsverkiesings die teenkandidaat van Paul Kruger was, lid van die Uitvoerende Raad.

„Die Engelse stelsel soos ons dit vandag ken, is gebore in die jaar 1688 na die sogenoemde „glorious revolution” en die invoering van die „Bill of Rights” (Die Burger, 8 Oktober).

Leeuwdoornsstad

Die Leeuwdoornsstad-kommando het op 25 Aug. Fondsdag gehou. Mnr. en mev. H. du Plessis van Driefontein was so gaaf om hul huis en alles tot ons beskikking te stel. Die mooi bedrag van £21.6.8 is ingesamel.

Spesiale melding moet gemaak word van die Bosmansrust-veldkornetskapp, wat die siel is van die hele kommando. — (Ingestuor).

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk
MOREMARK (Postbus 7185) NEWTOWN

'N MOOI LEERSAK
is baie belangrik
by u uitrusting.

Kry dit by

Steyns

Die Dames-Winkel
PAROW

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT

MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

SCHOEMANELLO DRANK...

Vir Kwaliteit en Tevredenheid
die Goedkoopste

WYNE:

Foukelwyn	7/-	—
Lewenswyn	3/6	—
Vermouth	3/-	—
Hanekraal — Cocktail	4/-	—

GOET WYNE:

Likewyn en Ou Port	2/6	11/-
Ou Wit Port en Sauterne	2/6	—
Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Jeripigo, Rooi en Wit	1/9	8/6
Worcester Hock en Pontak	1/7	7/6

SJERRIES:

Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet)	2/9	—
Goue (Soet)	2/6	10/-
Spesiale (Soeterig)	1/6	7/3
Sjerrie (Soeterig)	1/5	6/9

DROE WYNE:

Burgundy	1/9	—
Claret en Wit Droë	1/6	—

BRANDEWYNE:

Super de Luxe	8/6	—
De Luxe	7/6	39/-
Ekstra Spesiaal	7/-	37/-
F.C.	6/6	36/-
Buchu	7/6	—

JENEWER

	7/6	—
--	-----	---

LIKEURS:

Crème de Cacao	7/6	—
Goue Manderin, Curacao, Kum-mel, Piesang, Perske, Appelkoos	7/-	—
Naeltjie	6/6	—
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment	6/6	34/-

JENEWER-LIKEURS:

Lemoen en Suurlemoen	7/6	—
----------------------	-----	---

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kisse en bottels, en 15/- vir vaatjies wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sesdag dae aan ons terugbesorg word. Weens bottelskaarsie kan ons alleenlik in ons eie bottels, kisse drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kisse verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur. Word verkoop in 12-bottel-kisse of 5-gelling-vaatjies of groter. U kisse van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: R.M.B. plus trengeld na sylne. K.B.A. plus trengeld-kommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

Geklassifiseerde Advertensies

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensings, ens.)
2d. per woord; minimum 4/- per plasing.
Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

Handelsadvertensies:
Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.
Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing.
Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks):
10/- per jaar of 5/- vir ses maande.
Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Postbus 1411, Kaapstad.

VERLOWING

DAVEL—MARITZ. — Kitty en Tobie, albei van Carolina, maak bekend dat hulle op 2 Okt. verloof geraak het.

DÜRR—SMITH. — Die verlowing word bekend gemaak van Jean, dogter van mnr. en mev. J. W. Smith, met Jan, seun van mnr. en mev. W. Dürr, albei van Malmesbury.

VAN WYK—GREYLING. — Hiermee maak ons aan familie en belangstellendes bekend dat ons (Petrus van Wyk, Rosettenville, Perdeberg, en Maria Greyling, Kleinraai, Petrusburg), verloof is op 16 Des. 1935 en dat ons (D.V.) sal trou op 6 Nov. 1945, om 9 v.m. in die Gerof. Kerk, Petrusburg. Geen kaartjies en resepsie. Telegramme: Bus 6, Petrusburg.

IN MEMORIAM

DE VRIES. — In tere herinnering aan ons eggenoot en vader, Pieter de Vries, wat sy hemelse rus ingegaan het op 6 Oktober 1944 op Padhuis.

Al rus u in die kouse graf,
U bly deur ons bemind.
Ons weet u was Gods kind.
Die stille troos wat nog eens val
Is God alleen bekend.
— Die treurende eggenote, P. de Vries en kinders. Paradys, Beaufort-Wes.

GRAPSTEEN-WERKE

Grafstone, Monumente en Randmure op enige plek in die Unie.
Maak plaas vir u besonder billike kwotasie.
G.A. GRAFSTEEN EN MONUMENT WERK (EENS) BEPERK
(Jannie Chille, Besturende Direkteur)
Voortrekkerweg, Maitland.
Foon 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2

PERSOONLIK

FOTOGRAFIE. — U herdenk graag u huwelik, verlowing of verlang 'n goeie foto van u self. Tref reëlins met 'n en-Afrikaanse onderneming. — **BERNARD-ATELJEE**, Albertweg 451, Soutrivier. Posbus 755, Kaapstad. Foon 52861.

GRYNSHARE tot natuurlike kleur berater. Geld terug 5/6 per bottel, posvry. Geld in bestelling. Kruisbehandelings vir alle siekte-verkrygbaar. — **„DIE BOEREVROU“**, Bk. 7559, Johannesburg.

LEERWERK. — K.M.B. Posvry. Sigaret-koker 11/6, Tebaksak 12/6, Portefeulje 12/6. Almal met O.B.-wapen. Bybel-omslae 7/6. Gesangeboek-omslae 6/6. Stuur gefrankeerde koevert vir volledige pryslys. W. SCANNELL, Utrecht.

MARKAGENTSAP. — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: **COETZEE, JORDAAN en BOJÉ (EDMS.) BPK.**, Wolhuterstraat 62, Newtown, Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Bojemark.

MOET NIE EENSAAM VOEL NIE. Honderde meisies en kerels wil graag korrespondente hê! Stuur gefrankeerde koevert om besonderhede aak: **DIE POSDUIF-KORRESPONDENTSKLUB**, Posbus 5, Lohair.

PASGETROUDE PAAR verlang woonstel, huis of deel van huis in Kaapstad of voorstede vanaf 1 Januarie 1946. — Skryf aan: **BVR**, Bus 595, Kaapstad.

ROSENDAL. — Veldkt. en Kommandante N. en S. du Buisson groot hiermee al hul O.B.-offisiere en kamerade, daar hulle vertrek na Suid-Rhodesië. Hou koers!!

VAKANSIEPLAAS

Besprek vroegtydig plek vir u volgende vakansie by **Mev. A. BADENHORST**, Vergevoerd, Riverdahl. Die ideale plaas met sy natuurskoon, vriendelike behandeling, gerieflike kamers, goeie etes en billike terme.

TE HUUR

KAMER. — Gemeubileerde Dubbelkamer. Twee manspersone. — Newportstraat 12 Kloofnek, Kaapstad.

Uitgegee deur **VOORSLAG (Edms.) Beperk**, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en Gedruk deur **Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk**, Stellenbosch.

TE KOOP

ANGELIERPLANTJES. — Pragtige sterk Amerikaanse Boom-angeliplantjies, 3/6 vir 12. 20/- vir 100. 16-10-0 vir 1000, vir die volgende soorte: Corona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty en Salmon Regina. Bestellings word ook geneem vir later aflewering. — **S. C. STANDER**, Bus 20, Tzaneen.

BESIGHEIDSERF. — Baie goeie besigheid! 5 morges grond. Winkel met woonhuis daaraan. Telefoon in winkel en water aangele in huis. 200 geënte vrugtebome. 9 myl van Utrecht-stasie. Prys f900. Koper kan winkel-voorraad oorneem. Verdere besonderhede van: **C. F. MEIRING**, Posbus 70, Utrecht.

CEDERBERG-ROOIBOSTEE. — Spesiaal gekweek, suiver, vir geur en gesondheid. Groothandelsprys 2/1½d. per 1 pond-pakkie; minimum-bestelling 50 pond-pakkies. Vir geboekte, maandelikse bestellings word spesiale afslag gegee, nl. op 100 pd. 2½ pst. en op 200 pond of meer 5 pst. Lëe dose moet teruggestuur word. Terme: Kontant. Bestel direk van die Verpakker: **A. J. MOUTON**, Gelukwaarts, Citrusdal, K.P.

DEKRIET. — Beroemde Dekriet 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertinia. Ook alle soorte produkte en groente. Bestel dadelik by: **J. S. Badenhorst**, Bus 3, Albertinia.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-. Donker Detroit Beet 10/-. Blomkool: Suiderkruis 20/-. Reliance 25/-. Spitz Kopkool 12/6. Koel en Broos Komkommer 15/-. Tom Watson Waatmoen 16/-. Blaarsaai 22/-. Little Gem Skorsies 12/-. Lang Wit Bos 13/-. Raap 7/6. Uie: Australiese Bruin 6/6. Kaapse Plat 10/-. „Silver King“ 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfpounde. Posvry. K.M.B. — **PREMIER SAADKEWERS EN VERSPREIDERS**, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HONDE. — Opregte roof Dobermann-hondjies. Een reuntjie en twee teffies. Reuntjie f3, teffies f2 elk. Aflewering op ses weke. K.M.B. — **B. SAAYMAN**, Heuningfontein, Riversdal.

STRAKE. — 5/- elk. Swingsels 4/6 elk. K.M.B. Doen aansoek: **H. Gerber**, Bus 127, Worcester.

KAROO-KRAALNIS. — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, om nie minder as tien ton te neem nie. Kontant met bestelling, gelewer op Middleton-stasie. — **T. C. NEL**, Golden Valley.

KINKHOES EN ANDER BORSKWALE. — Dis werklik onnodig om so te ly. Kinkhoes, brongitis, slyme, bor-koue, aanhoudende hoë en „rokerskeel“ word nou genees deur Vindex-Hoësmiddel. U sal verbaas wees hoe spoedig hierdie beproefde hoësmiddel en hulsmiddel die sieke kalmeer en verlig. Dis by uitstek geskik vir oud en jonk.

Mnr. S. J. skryf: „Ons dominee was so heet dat hy nie kon praat nie. Die tweede lepelvol Vindex-Hoësmiddel het hom reggeruk.“
Vra u handelaar of stuur dadelik 3/6 vir 'n proefbottel en oortuig u self. (Stuur ons ook die adres van u handelaar). — **VINDEX**, Posbus 3445, Kaapstad.

KUIKENS. — Bestel gesonde O.B. aldurende leers. Wit Leshorn dag-oud Kuikens van Porrit suiver bloed met Porrit stoethane. Okt. f6, Nov. f5 per 100. 6 weke oud Henne-ties 5/6 elk. — **MEV. H. J. VILJOEN**, Rustdal, Indwe.

KUIKENS. — Dagoud Kuikens, dadelik verkrygbaar. Enige hoeveelheid, Australorps, Leghorns en ook die kruis van genoemde soorte, teen f5 per 100. Spesiale afslag vir meer dan 100. Almal gebroei van uitgesoekte hennet. Waarborg sterk kuikens. — Bestel van: **H. R. MALAN**, Weltevrede Plumveeplaas, Pk. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

LISTER-ENJIN. — 9 perdekrug, Spec. 810. Werk met krapparaaffien. Goeie werkende orde. f85. — Skryf aan: **O.B.-MEUL**, Koffiefontein.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak-saak U waarde, diens en tevredenheid by: **Petra-Meubels Bpk.**, Sentraalstraat 226, Pretoria. Posbus 1366 Foon 8-0194

MEUBELS. — Koop u meubels van Unika Meubels (Edms.) Bpk., en wees versaker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: **VICTORIA-WEG 171**, Woodstock, Takbesigheid: **JAN PHILLIPS-GEBOU**, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.
Agentskap: Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

MOTOR. — Goed opgepaste Graham Motor. Slegs 22.000 myl gedoen. Bande baie goed. Geen permit nodig. Prys baie billik. — Skryf aan: **T. S. BOTHA**, P/s. Grootfontein, Somerset-Oos.

MOTORFIETS. — James Motorfiets, 1½ perdekrug. Goeie orde. Word weggegee vir f40. — **J. J. SCHEEPERS**, Kroonhoogte, Coalbrook.

PERSIERAMME. — Twee- tot viertand hoog geselekteerde ramme vir suiver of kruissteel, teen f3 stuk, gelaai bushalte vlakplaas. — Doen aansoek: **PLAASBESTUURDER**, Vlakplaas, Graaff-Reinet.

SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, kostelose gelaai Soutpan. — Adres: **VENTER en DU PLOOY**, P/sak Arbeidsloos, Bloemfontein.

SOUT. — A1 59/- per ton, nr. 1 54/- per ton onmiddellik gelaai te Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. — **MEV. F. DE BEER**, Rusplaza, Pk. Florisbad, oor Bloemfontein.

SOUT. — Beste kwaliteit en onmiddellike aflewering. No. 1 gemaal teen 8/6 per 200 pd.-sak. Super grof teen 6/6 per 200 pd.-sak. No. 1 grof teen 6/- per 200 pd.-sak. No. 2 grof teen 5/6 per 200 pd.-sak. No. 3 grof teen 5/- per 200 pd.-sak. V.O.S. Redlands-Sylyn. Kontant met bestelling aan: **SALNOVA SOUTWERKE**, Posbus 71, Oudtshoorn.

TE KOOP

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1 54/-; Wit No. 2 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres: **MEV. MARTIE VENTER**, Posak Arbeidsloos, Bloemfontein.

TREKKER. — Een Fordson-trekker op staalwiele. In goeie werkende toestand. Werk met verdelings-ontwikkelaar en battery. Kan lig aangesig word. Gebruik geen olie. f110. — Doen aansoek: **I. M. VERWEY**, Poukop, Aberdeen.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo kombuls- en handwaabakke, baddens, sepietse tenks, pilare, vloertels, voertroe, Enigiets in beton. — Direkteur: **P. W. en P. G. VAN HEERDEN**, Potgieterstraat 258, Pretoria.

VARKE. — Large Black soggies en beertjies van geregistreerde ouers of self geregistreer, van 2 tot 8 maande oud. — Besonderhede van: **P. L. UYS**, Waaihoek, Utrecht, Natal.

WYNE

5 GELLINGS Muscadell-keur f2-12-6; anker f3-17-6; 5 gelling Rooi of Wit Muscadell, Jeripico of Beste Ou Port f2-2-6; anker f3-2-0. 5 gelling Rooi Soet Muscadell f2; anker f2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerie of Half-soet Muscadell f1-15-0; anker f2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — **J. C. JONKER**, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

BETREKKING GEVRA

O.B.-lid, 35 jaar (getroud), verlang betrekking as sekretaris, korrespondensieklrek, redakteur of soortgelyke hoedanigheid. Kwalifikasies: Gedeelte B.A.-graad, 12 jaar verantwoordelike kantoorwerk, tik, organisasie en advertensievermoë. Persoonlikheid en verantwoordelikeheidsin. Kan dadelik begin. Meld salaris aan: **TALJARD**, Ellastraat 681, Rietfontein, Pretoria.

BETREKKING GEVRA

JONGMAN (26 jaar) verlang betrekking as Sekretaris of Hoofklrek in gevestigde besigheid. Kwalifikasies: Agt (8) jaar verantwoordelike kantoorwerk met goeie kennis van die drankhandel en vertakkinge. Bekties tans posisie van Sekretaris en waarnemende Bestuurder in drank-groothandel/aank. In staat om stel boeke behoortlik te hou en tikwerk te doen. Verklies betrekking by Afrikanersaak met voorkeur aan die drankhandel. Kan dienste aanvaar dertig dae na aanstelling. — Skryf aan: „**HOOFKLERK**“, p/a Posbus 1411, Kaapstad.

BETREKKING VAKANT

BENODIG. — Kleremaker, verkies onge-troude persoon. Meld salaris verlang of tree in verbinding met **R. P. KUNNEKE**, Kleremaker, Kirkwood.

ONGETROUDE VOORMAN gevra vir algemene boerdery. Moet kennis hê van groente en saai-boerdery. Kan dadelik begin. Moet O.B.-gesind wees. — Tree in verbinding met **E. BRUWER**, Posbus 10, Worcester.

PLAASHULP. — 'n Flukse seun om behulp-saam te wees met boerdery. Meld kerkverband. Ook opening vir 'n Bywoner. Meld kerkverband en skryf aan: **J. J. A. VENTER**, Pos Uplands, Kaysna.

Dank aan O.B.-Lede

Mev. E. T. Prinsloo van Potchefstroom skryf:

Graag wil ek deur middel van ons O.B.-blad my innige dank betuig aan al die O.B.-vriende en -vriendinne, wat so trou by my gestaan het gedurende die afwesigheid van my man.

Ek kan nie name noem nie, want dan sal die lys effens lank word. Dit verminder nogtans nie my dank teenoor een van hulle nie. Met ons Vader as die Leidsman, kan die O.B. nie anders as seëvier nie!

Krisante (Winter Asters) ! !

Ons pragtige KRISANTE in fraaie gesorteerde kleure vir onmiddellike aflewering is van uitstekende gehalte. Reusagtige vertoonsoorte van onoortrefbare gehalte, bekoring van u tuin, meesters van vertoontafel. Kontant met bestelling.

DONOU VERSAMELING — — — — 25/- per dosyn, 15/6 vir 6.
OPERA-VERSAMELING — — — — 21/- per dosyn, 12/6 vir 6.
LUUKSE VERSAMELING — — — — 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.
TUIN-VERSAMELING — — — — 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE
POSBUS 660 — JOHANNESBURG

VERJAARDAGKETING

18 OKTOBER: Jacoba Meyer, Vryburg; Johannes Venter, Skuinsdrift; Cathrina Fouché, Kommissiedrif; Carel du Plessis, Rashoon; Emanuel Wolmarans, Koedoeskop; Jacob Theron, George; Aletta Kotzé, Wilgenhoutsdrift; Truida van Velden, Vlochtenberg; Fenton Jordaan, Groot-Brakrivier; Cornelius Viljoen, Port Elizabeth; Jacobus Myburgh, Mariboro.

19 OKTOBER: Davelina Prinsloo, Middelburg, Tvl.; M. S. Smit, Maricoedraai; Johanna Rouse, Marnagallieskraal; Abe Erasmus, Skuinsdrift; Lourens Theron, George; Chris Visser, Noorder-Paarl; Arina Erasmus; Louise Rademeyer, Humansdorp; Jacoba Prins, Malmesbury.

20 OKTOBER: Magiel le Roux, Baltimore; Betsie van Wyk, Rustenburg; Martinus le Roux, Potchefstroom; Niklaas Pretorius, Boshoop; Wilhelmina Swart, Villa Nora; Anna Byleveld, Aughrables; Charl Chiffé, Welling-ton; Lorraine Fourie, Port Elizabeth; Jan Fouché, Mariboro; Magaretha Malan, Pine-lands; Willie Latsky, Carnarvon; Eloise Burzer, Nieuwoudtville; Aletta Kotzé, Moorreesburg; Joubert Sharpe, Oudtshoorn.

21 OKTOBER: Dorothy Williams, Rustenburg; Johanna Botha, Middelburg, Tvl.; George Viviers, Clocolan; Christina de Jager, Bloemfontein, Francois Smit, Merweville; Beatrix Immelman, Sutherland; Petrus Kilian, Port Elizabeth; Jacobus van Greunen, Kirkwood; Willem v. Rooyen, Wilgenhoutsdrift; Michiel Basson, Observatory; Henri Malan, Welling-ton; Jan Smit, Loxton; Elizabeth Vermeulen, Fraserburg; Johanna Calitz, Kirkwood; Dirk Vorster, Kimberley.

22 OKTOBER: Cornelia Erasmus, Skuinsdrift; Anna Joubert, Rietvlei; Jacoba van Dyk, Koster; Elizabeth Koen, Rawsonville; Johanna Zwart, Aughrables; Johannes van Eck, Beaufort-Wes; Cecile Cilliers, Paarl; Willem Eaton, Mosselbaai; Martha Louw, Aughrables; Filinus de Klerk, Wilgenhoutsdrift; Theunis O'Callaghan, Wilgenhoutsdrift.

23 OKTOBER: Christie Brits, Rustenburg; Gertruida van Eck, Beaufort-Wes; Leslie van der Mescht, Port Elizabeth; Gertruida Botes, Plumstead; Hermina Rademeyer, Humansdorp; Maria Olivier, Witkop; Adriaan de Lange, Montagu; Francois Kamffer, Bellville.

24 OKTOBER: Loea Breed, Marnagallieskraal; Johan Hendriks, Marnagallieskraal; J. A. Engelbrecht, Koedoeskop; Eduard Oosthuizen, Frankfort; Mienie Steyn, Stellenbosch; Catharina van Eck, Beaufort-Wes; B. H. van Zyl, Kakamas; Harlie Joubert, Sutherland; Jacoba Mous, Wilgenhoutsdrift; Emma Olivier, Bellville; W. A. Botha, Somerset-Oos; Henne van Zyl, Montagu; Willem Nel, Port Elizabeth; Martha Basson, Malmesbury.

Flukse Offisiere Heengegaan

Die manne- en vroue-kommando's van Fauresmith betuig hiermee hulle innigste meegevoel met die agterblywendes van ons geliefde veldkte. (mei.) Clara Ehrhart. Sy was een van ons sterkste skakels in die kommando. Sy het haar pligte as kwartiermeesters baie getrou nagekom. Sy was baie hulpvaardig en geen op-offering was vir haar te groot waar haar volk haar nodig gehad het nie; ook vir die geïnterneerdes en hulle afhanklikes het sy baie gedoen. Ons sal haar mis, maar ons gun haar die soete rus, want haar lyding was smartlik. Sy is drie dae na 'n ernstige operasie in die Bloemfontein hospitaal oorlede en is te Fauresmith onder blyke van groot belangstelling begrawe. Sy is na die graf gedra deur ses vroue-offisiere, waar ook 'n vroue-erewag opgestel was. — (Ingestuur).

• Wanneer u verfkwasie verwaarloos is en gevolglik hard geword het, loek 'n bietjie bruin suiker op in water, steek die kwassie daarin tot dat dit sag is en maak dit dan verder op die gewone manier skoon.